

**TEKS EN GEMEENSKAP:
'N SKRYFMATIGE LESING VAN
LADY ANNE VAN ANTJIE KROG**

Tertia Johanna Minnie, Hons. B.A., H.O.D.

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. J. van der Elst
Medeleier: Dr. H.J.G. du Plooy

Potchefstroom
1992

Geldelike bystand verleen deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling word hiermee met dank erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die navorser en moet nie aan die SWO toegeskryf word nie.

OPSOMMING

Lady Anne deur Antjie Krog is 'n literêr komplekse, maar ook 'n gemeenskapsgebonde teks. In hierdie studie word Lady Anne skryfmatig gelees om die kompleksiteit van die bundel te verreken: verskillende literêre teorieë en ander tekste word kreatief betrek by die lesing. André Jolles se teorie van *eenvoudige vorme* word gebruik as ordeningsbeginsel vir sowel die postmodernistiese gefragmenteerdheid van die bundel as die pluralistiese werkwyse in die lesing.

Die *eenvoudige vorme* verbind teks en gemeenskap, en vorm as sodanig 'n brug in die verdeeldheid tussen esteties en politiek in die Afrikaanse literêre sisteem. Volgens Jolles se teorie is daar universele geestesaktiwiteite in alle gemeenskappe wat tot uiting kom in taalkonstruksies. Die taalkonstruksies groepeer in nege abstrakte eenvoudige vorme, naamlik die legende, sage, mite, raaisel, spreuk, kasus, memorabile, sprokie en grap. Die eenvoudige vorme kom tot uitdrukking in gerealiseerde eenvoudige vorme en/of kunsvorme. Lady Anne as postmodernistiese teks bevat artistieke realiserings van al nege die eenvoudige vorme in fragmentariese en vervlegde vorm.

Dieselfde verbondenheid tussen teks en gemeenskap in die teorie, blyk ook uit Lady Anne. In hierdie lesing word die kompleksiteit van die teksaanbod in die lig van die verbondenheid tussen teks en gemeenskap aan die hand van Jolles se eenvoudige vorme gesistematiseer. Die bundel word gelees as 'n literêre uiting van die eietydse Suid-Afrikaanse gemeenskapskollektief. Daar word gepoog om voor die hand liggende betekenispatrone in die bundel te ontsluit, sonder om die komplekse semantiese moontlikhede daarvan te verskraal.

ABSTRACT

Lady Anne by Antjie Krog is an artistically complex text, but is also securely rooted in the community. The complexity of the text is approached by way of a "writerly" reading strategy in this dissertation: different literary theories and other texts are used creatively to illuminate the meaning of the text. André Jolles's theory of *simple forms* is used as a principle of systematisation for both the postmodernistically fragmented structure of the text and the pluralistic procédé in this reading of it.

The *simple forms* join text to community, and thus reconciles the current breach between esthetics and politics in the Afrikaans literary system. According to Jolles's theory, universal mental dispositions are expressed in lingual structures. The lingual structures combine to form nine abstract simple forms, namely the legend, saga, myth, riddle, proverb, case, memoir, fairytale and joke. These simple forms result in actualised simple forms and/or works of art. Lady Anne as a postmodernistic text contains artistic actualisations in fragmented and interwoven form of all the abstract simple forms.

The same connection between text and community that is described in Jolles's theory is also evident in Lady Anne. This reading is a creative systematisation, according to the theory of simple forms, of the complexity of the literary text in the light of the close link between text and community. The text is read as an artistic expression of the collective mental dispositions in the present South African community. Evident patterns of meaning are identified, while an attempt is made not to reduce the complex semantic possibilities of the text.

VOORWOORD

Daar is heelwat persone waarsonder hierdie studie nie sou kon realiseer nie. Ek wil graag my dank en waardering uitspreek teenoor die volgende:

- * prof. Jacques van der Elst en dr. Heilna du Plooy vir bekwame en stimulerende studieleiding;
- * prof. Hein Viljoen vir insiggewende gesprekke;
- * proff. Daan Wissing, Dawie Steenberg, Thys Seyffert, Annette Combrink, mnr. Attie de Lange en mev. Betsie van der Westhuizen vir akademiese en nie-akademiese vorming, belangstelling en aanmoediging;
- * tannie Emma vir vriendelike hulp met administratiewe sake;
- * my pa en ma vir al die jare se ondersteuning en liefde, en omdat ek met gelyke dosisse "literatuur" en "lewe" kon grootword;
- * my skoonpa en -ma vir belangstelling en "boodskappies uit die Woord";
- * Henk, Elsa, Louise, Frikkie, Louis en Erick vir elkeen se eiesoortige belangstelling in die studie;
- * Ankie en Corina vir boeiende gesprekke; en
- * Izak vir saamdink, deurpraat, baie koppies tee en hope liefde.

Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe.

(1 Johannes 1:1)

*To interpret a text is not to give it a (more or less justified, more or less free) meaning, but on the contrary to appreciate what **plural** constitutes it.*

- Roland Barthes

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1	PROBLEEMSTELLING	1
1.2	DOELSTELLINGS	3
1.3	SENTRALE TEORETIESE STELLINGS	5
1.4	METODE VAN ONDERSOEK	6
1.5	DIE VERLOOP VAN DIE STUDIE	8

HOOFSTUK 2

TEORIE: JOLLES SE *EINFACHE FORMEN*

2.1	INLEIDING	11
2.2	JOLLES SE TEORIE VAN <i>EINFACHE FORMEN</i>	11
2.2.1	Inleiding	11
2.2.2	Van geestesaktiwiteit tot kunsvorm	11
2.2.3	Nege eenvoudige vorme	14
2.2.4	Samevatting	18
2.3	JOLLES IN LITERÊR-TEORETIESE KONTEKS	18
2.3.1	Inleiding	18
2.3.2	Kuhn se teorie van paradigmawisseling	19
2.3.3	Teks/konteks - die verlore skakel?	22
2.3.4	Eenvoudige vorme en ander literêr-teoretiese benaderings	25
2.3.4.1	Algemeen	25
2.3.4.2	Van Coller se oorsig oor literatuurteorieë	25
2.3.4.3	Benaderings tot intertekstualiteit	28
2.3.4.4	Jolles as genreteorie	30
2.3.5	Poststrukturealistiese bevryding tot grenslose (teoretiese) interteks	32
2.3.6	Samevatting	32

2.4 JOLLES IN DIE AFRIKAANSE KONTEKS	33
2.4.1 Inleiding	33
2.4.2 Postmodernisme	34
2.4.2.1 Inleiding	34
2.4.2.2 Postmodernisme in die literatuur	34
2.4.2.3 Postmodernisme in die Afrikaanse literatuur	36
2.4.2.4 Jolles, postmodernisme en <u>Lady Anne</u>	37
2.4.3 Estetiek versus politiek in die Afrikaanse literêre sisteem	38
2.4.3.1 Konflik en verwydering	38
2.4.3.2 Jolles, estetiek versus politiek, en <u>Lady Anne</u>	41
2.4.4 Samevatting	43

2.5 SAMEVATTING	44
------------------------	-----------

HOOFSTUK 3

NEGE EENVOUDIGE VORME IN LADY ANNE

3.1 INLEIDING	50
3.2 LEGENDE	50
3.2.1 INLEIDING	50
3.2.2 TEORETIESE AGTERGROND	51
3.2.2.1 Inleiding	51
3.2.2.2 Die kanonisering van heiliges en die relikwie	51
3.2.2.3 Die geestesaktiwiteit agter die legende	52
3.2.2.4 Historiese biografie versus legende	53
3.2.2.5 Taalgebare by die legende	53
3.2.2.6 Die potensiele en die gerealiseerde vorm	54
3.2.2.7 Die kunsvorm	55
3.2.2.8 Die anti-legende	56
3.2.2.9 Samevatting	56
3.2.3 LEGENDES IN <u>LADY ANNE</u>	57
3.2.3.1 Inleiding	57

3.2.3.2	LEGENDE 1a: Lady Anne Barnard as Europeër-in-Afrika	57
3.2.3.3	LEGENDE 1b: Lady Anne Barnard as kunstenaar	69
3.2.3.4	LEGENDE 1c: Lady Anne Barnard as persoonlike legende	70
3.2.3.5	LEGENDE 2: Die swart werkende vrou as nasionaal-sosialistiese legende	75
3.2.3.6	Samevatting	78
3.2.4	SAMEVATTING	79
3.3	SAGE	85
3.3.1	INLEIDING	85
3.3.2	TEORETIESE AGTERGROND	85
3.3.2.1	Inleiding	85
3.3.2.2	Definisies en kenmerke	86
3.3.2.3	Die geestesaktiwiteit agter die sage	86
3.3.2.4	Taalgebare	88
3.3.2.5	Gerealiseerde eenvoudige vorme	88
3.3.2.6	Die kunsvorm	89
3.3.2.7	Die voorwerp van die sage	90
3.3.2.8	Samevatting	91
3.3.3	SAGES IN <u>LADY ANNE</u>	91
3.3.3.1	Inleiding	91
3.3.3.2	SAGE 1a: Die agtiende-eeuse Europeër-in-Afrika	91
3.3.3.3	SAGE 1b: Die twintigste-eeuse Europeër-in-Afrika	96
3.3.3.4	SAGE 2: Anne se adellike Skotse afkoms.102	
3.3.3.5	SAGE 3: Anne as Europeër-in-Afrika	106
3.3.3.6	SAGE 4: Antjie in familieverband	109
3.3.3.7	SAGE 5: Die vrou in stamverband	118
3.3.3.8	SAGE 6: Die Afrikaanse skrywerstradisie	121
3.3.3.9	Samevatting	125
3.3.4	SAMEVATTING	126

3.4 MITE	131
3.4.1 INLEIDING	131
3.4.2 TEORETIESE AGTERGROND	131
3.4.2.1 Inleiding	131
3.4.2.2 Vertrekpunt	131
3.4.2.3 Die geestesaktiwiteit agter die mite	132
3.4.2.4 Taalgebare	134
3.4.2.5 Relatiewe vorme	135
3.4.2.6 Swerwende mites	136
3.4.2.7 Twee spesifieke mites: 'n verlosser en die einde van die wêreld	137
3.4.2.8 Die voorwerp van die mite	138
3.4.2.9 Samevatting	139
3.4.3 MITES IN <u>LADY ANNE</u>	139
3.4.3.1 Inleiding	139
3.4.3.2 MITE 1: Iemand wat die mens se lot bepaal	140
3.4.3.3 MITE 2: 'n Reddende wese	146
3.4.3.4 MITE 2a: Jesus Christus as Verlosser wat bloed stort	146
3.4.3.5 MITE 2b: Skrywer/skryfhandeling/ literatuur	153
3.4.3.6 MITE 2c: Die mens as intrede vir 'n ander	161
3.4.3.7 MITE 2d: Die vrou as 'n soort Christusfiguur	163
3.4.3.8 Tersyde: mites in die Afrikaanse literêre sisteem?	164
3.4.3.9 Samevatting	165
3.4.4 SAMEVATTING	166
3.5 RAAISEL	170
3.5.1 INLEIDING	170
3.5.2 TEORETIESE AGTERGROND	170
3.5.2.1 Inleiding	170
3.5.2.2 Mite en raaisel	171
3.5.2.3 Raaisel as eksamen: lewensbelangrike antwoorde	172

3.5.2.4	Waarom in kodetaal? Inisiasie en assosiasie	173
3.5.2.5	Die inhoud van die raaisel	174
3.5.2.6	Spesiale taalgebruik in die raaisel	176
3.5.2.7	Die vorm van die raaisel	178
3.5.2.8	Die geestesaktiwiteit agter die raaisel	179
3.5.2.9	Die voorwerp van die raaisel	179
3.5.2.10	Die literêre vorm van die raaisel	180
3.5.2.11	Samevatting	180
3.5.3	RAAISELS IN <u>LADY ANNE</u>	181
3.5.3.1	Inleiding	181
3.5.3.2	Raaisels met lewensbelangrike antwoorde	182
3.5.3.3	Raaisels ter inisiasie	184
3.5.3.4	Kodetaal in <u>Lady Anne</u>	192
3.5.3.5	Samevatting	201
3.5.4	SAMEVATTING	202
3.6	SPREUK	206
3.6.1	INLEIDING	206
3.6.2	TEORETIESE AGTERGROND	206
3.6.2.1	Inleiding	206
3.6.2.2	Definisies en Seiler se studies	207
3.6.2.3	Onderliggende geestesaktiwiteit en sy realiserings	208
3.6.2.4	Die wêreld van empirisme en die <i>Klugrede</i>	209
3.6.2.5	Verskillende soorte spreuke	210
3.6.2.6	Taal en vorm	210
3.6.2.7	Die kunsvorm van die spreuk	213
3.6.2.8	Die voorwerp van die spreuk	214
3.6.2.9	Samevatting	215
3.6.3	SPREUKE IN <u>LADY ANNE</u>	216
3.6.3.1	Inleiding	216
3.6.3.2	Aangehaalde sitate	217
3.6.3.3	Gevleuelde woorde deur die digter	217
3.6.3.4	Embleme	220

3.6.3.5	Samevatting	222
3.6.4	SAMEVATTING	223
3.7	KASUS	225
3.7.1	INLEIDING	225
3.7.2	TEORETIESE AGTERGROND	225
3.7.2.1	Inleiding	225
3.7.2.2	'n Sisteem van eenvoudige vorme	226
3.7.2.3	Voorbeeld. Kwalitatiewe en kwantitatiewe regsnorme. Die geestesaktiwiteit agter die kasus.	226
3.7.2.4	Die kunsvorm van die kasus	228
3.7.2.5	Voorbeelde	229
3.7.2.6	Die manifestering van die kasus op verskillende terreine	231
3.7.2.7	Taalgebruik in die kasus	232
3.7.2.8	Die voorwerp van die kasus	233
3.7.2.9	Samevatting	233
3.7.3	KASUSSE IN <u>LADY ANNE</u>	234
3.7.3.1	Inleiding	234
3.7.3.2	KASUS 1: Platvis	239
3.7.3.3	KASUS 2: Marie-Antoinette	241
3.7.3.4	KASUS 3: Anne en Antjie as Europeërs-in-Afrika	243
3.7.3.5	KASUS 4: Antjie as wit Suid-Afrikaanse skrywer	246
3.7.3.6	KASUS 5: Die kinders van die land	250
3.7.3.7	Samevatting	252
3.7.4	SAMEVATTING	253
3.8	MEMORABILE	257
3.8.1	INLEIDING	257
3.8.2	TEORETIESE AGTERGROND	257
3.8.2.1	Inleiding	257

3.8.2.2	Twee voorbeelde	258
3.8.2.3	Rangordening en stolling	259
3.8.2.4	Die geestesaktiwiteit agter die memorabile	260
3.8.2.5	Die voorwerp van die memorabile	261
3.8.2.6	Geloofwaardigheid in die moderne wêreld	261
3.8.2.7	Die kunsvorm	264
3.8.2.8	Samevatting	264
3.8.3	MEMORABILE IN <u>LADY ANNE</u>	266
3.8.3.1	Inleiding	266
3.8.3.2	MEMORABILE 1: Anne Barnard en haar tyd	266
3.8.3.3	MEMORABILE 2: Die land van gerugte	270
3.8.3.4	Samevatting	276
3.8.4	SAMEVATTING	277
3.9	SPROKIE	282
3.9.1	INLEIDING	282
3.9.2	TEORETIESE AGTERGROND	282
3.9.2.1	Inleiding	282
3.9.2.2	Historiese agtergrond: die plek van die sprokies van Grimm	282
3.9.2.3	Grimm en Von Arnim se debat oor volks- en kunspoësie: Jolles se mening	283
3.9.2.4	Die ontwikkeling van die Toskaanse novelle en die sprokie	284
3.9.2.5	Die sprokie as eenvoudige vorm	285
3.9.2.6	Eenvoudige vorm teenoor kunsvorm	286
3.9.2.7	Die geestesaktiwiteit van naïewe moraal	287
3.9.2.8	Die anti-sprokie	289
3.9.2.9	Kenmerke van die sprokie	289
3.9.2.10	Die taalgebaar	290
3.9.2.11	Die voorwerp van die sprokie	291
3.9.2.12	Samevatting	291

3.9.3 SPROKIES IN <u>LADY ANNE</u>	291
3.9.3.1 Inleiding	291
3.9.3.2 Afrika as ideale wêreld	292
3.9.3.3 Anne en William Windham: 'n anti-sprokie	294
3.9.3.4 Andrew en Anne Barnard	298
3.9.3.5 Samevatting	300
3.9.4 SAMEVATTING	300
3.10 GRAP	305
3.10.1 INLEIDING	305
3.10.2 TEORETIESE AGTERGROND	305
3.10.2.1 Inleiding	305
3.10.2.2 Die geestesaktiwiteit agter die grap	306
3.10.2.3 Spot	308
3.10.2.4 Satire, ironie en skerts	309
3.10.2.5 Die wêreld van die komiese	310
3.10.2.6 Die voorwerp van die grap	311
3.10.2.7 Samevatting	311
3.10.3 GRAPPE IN <u>LADY ANNE</u>	312
3.10.3.1 Inleiding	312
3.10.3.2 GRAP 1: Die gesofistikeerde vrou: satire tot ironie	312
3.10.3.3 GRAP 2: Die man se magswellus	318
3.10.3.4 GRAP 3: Die werkende swart vrou	319
3.10.3.5 GRAP 4: Die Kapenaars by Anne se partye en ander Europeërs-in-Afrika	322
3.10.3.6 Samevatting	325
3.10.4 SAMEVATTING	325
 HOOFSTUK 4	
SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS	
4.1 INLEIDING	329

4.2	'N SKRYFMATIGE LESING VAN <u>LADY ANNE</u>	329
4.3	TEKS EN GEMEENSKAP	332
4.4	SLOT	335
 BIBLIOGRAFIE		336

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 PROBLEEMSTELLINGS

'n Leser wat gekonfronteer word met 'n teks soos Lady Anne (Krog, 1989), ervaar opwinding en tegelykertyd vervreemding. Lady Anne is 'n opwindende teks, omdat dit baie duidelik binne die gemeenskap ontstaan het, met 'n eietydse relevante stem praat en vele literêre interessantheide bevat. Tog is dit ook vervreemdend, omdat die komplekse en oënskynlik verwarrende teksaanbod wel 'n mate van ingewydheid van die leser verg.

Die ruim skaal van tekste, digvorme en toonsleutels wat hier gebruik word, asook emblematiese newetekste . . . kan alles daartoe bydra dat die leser met 'n mate van verwildering na dié bundel kyk en daarvan vervreem raak. Maar aan die ander kant is dit juis die kompleksiteit van die teksaanbod wat 'n lesing daarvan so opwindend maak en die leser laat terugkeer vir nuwe insigte (Malan, 1989:103).

Lady Anne is 'n postmodernistiese bundel: dit impliseer nie net topologiese vervorming nie¹, maar ook 'n inhoudelik en struktureel gefragmenteerde teksaanbod. Die leesstrategie wat gevolg word om so 'n teks te ontsluit², moet op een of ander manier *sistematiseer* sonder om te *reduseer*. Die ineengevloeide gegewe moet uitmekaargehaal word, sonder dat die spesifieke betekenislading wat die vervlegtheid daaraan gee ontken word.

Geen analise kan "teorie-loos" uitgevoer word nie, alle wetenskaplike aktiwiteite kom noodwendig uit 'n sekere aprioriese raamwerk en gebruik (bewustelik of onbewustelik) sekere teoretiese vertrekpunte en metodes.³ In die literatuurtorie is inderdaad 'n wye en uiteenlopende spektrum teorieë tot die leser/literator se beskikking - die probleem is nie dat daar 'n leemte in kennis is nie, maar eerder dat daar te veel moontlikhede is! Indien daar wel 'n enkele teorie gekies word wat streng toegepas word, bestaan die gevaar dat die teks (en sy betekenis) vervorm word om die teorie te pas. Gouws (1988) se benadering om die leser en die teks self as vertrekpunt te gebruik vir 'n pluralistiese leesstrategie is dan veel veiliger en lewer moontlik ook beter resultate op.

'n Vraag wat kan ontstaan uit die boeiende kompleksiteit van die bundel en die teoretiese dilemma waarin die literator hom bevind, is die volgende:

Hoe kan 'n komplekse teks soos Lady Anne kreatief ontgin word sonder om dit te reduseer tot die grense van 'n enkele teoretiese raamwerk?

Die eienskappe wat Barthes (1974) by *skryfmatige* tekste onderskei (sien 1.4), kan myns insiens as rigtingwysers na 'n kreatiewe leesstrategie gebruik word - soos wat hy self illustreer in sy analise van Sarrasine. Die leser word deur sy eie subjektiewe "intertekste" mede-skrywer van die teks.

'n Ongekontroleerd subjektiewe en pluralistiese lesing kan egter meer verdig en vervreem as wat dit ontsluit. Daarby moet in gedagte gehou word dat die teks self reeds kompleks en gefragmenteer is: die doel van 'n lesing is nie om die kompleksiteit van die teksaanbod te verhoog nie, maar om dit te sistematiseer en ontsluit. 'n Vraag wat hieruit ontstaan, is die volgende:

Hoe kan 'n kreatiewe en skryfmatige lesing van Lady Anne gekontroleer word dat dit nie in subjektiwiteit en groter pluraliteit verval as die bundel self nie?

Daar moet 'n teoretiese riglyn gevind word wat die kompleksiteit en postmodernistiese menigvuldigheid van die teks kan verreken en die leser genoeg ruimte laat vir kreatiewe insette, en wat terselfdertyd 'n relatief eenvoudige sisteem bied om die lesing mee te orden.

'n Derde probleem wat in die soeke na 'n gepaste benadering tot Lady Anne geïdentifiseer is, is die verwydering wat tussen die Afrikaanse literatuur en sy lesers, tussen teks en omwêreld, tussen poësie en gemeenskap ontstaan het. Lady Anne dwing poësielesers en literatore se aandag weer terug na die gemeenskap; dit is 'n bundel wat gewortel is in die konkrete aktualiteit van Suid-Afrika vandag. Dit is onwaarskynlik dat 'n bundel wat soveel van die eie tyd weerspieël werklik tot sy volle konsekwensies ontsluit kan word deur esoteriese teorieë wat nie die verbondenheid tussen gemeenskap en literatuur verreken nie. Die derde probleemstelling volg hieruit:

Hoe kan die gemeenskapsverbondenheid wat uit Lady Anne blyk in 'n lesing verreken word sonder om in suiwer ideologiese analises te verval?

Hierdie probleemstellings is nie net geldig vir Lady Anne as individuele teks nie, maar vir alle tekste wat deel vorm van die tydsgees van literêre "skisofrenie" (Malan, 1990b:104) tussen estetiese en politieke dryfvere (sien 2.4.3).

1.2 DOELSTELLINGS

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om die bogenoemde navorsingsvrae so bevredigend moontlik te beantwoord, met die hoop dat dit as rigtingwyser kan help dien in die literêr-teoretiese verwarring wat geskep word deur literêr komplekse dog gemeenskapsgebonde tekste soos Lady Anne.

André Jolles (1965) se teorie van *einfache Formen* ("eenvoudige vorme"⁴) is primêr 'n klassifiserende en dus 'n sistematiserende teorie. Tog kan dit myns insiens as deel van 'n kreatiewe leesstrategie gebruik word om 'n komplekse teks te help ontsluit sonder om dit noodwendig te reduseer.

Du Plooy (1985:21) wil in haar artikel oor Jolles aantoon "hoe sy teoretiese uitgangspunte nog geldig is en selfs nog nuttig kan wees in die beskrywing en ontsluiting van gekompliseerde kontemporêre tekste". In haar bespreking (Du Plooy, 1985:35-36) dui sy aan hoe die **eenvoudige vorme** teruggevind kan word in Etienne Leroux se romans (sy maak 'n soort klassifikasie van sy tekste), maar werk uiteraard nie die moontlikhede van die teorie binne een gekompliseerde teks uit nie. Dit is wat hierdie studie hom ten doel stel: om Lady Anne as 'n komplekse eietydse Afrikaanse teks met behulp van Jolles se teorie van **eenvoudige vorme** te probeer ontsluit, oftewel:

Om met behulp van Jolles se teorie 'n analise van Lady Anne te maak wat die kompleksiteit daarvan kan verreken en terselfdertyd die gefragmenteerdheid sistematiseer.

Jolles stel 'n sisteem van vorme daar sonder om die *inhoud* van die teks ondergeskik te maak aan 'n abstrakte teoretiese model. Sy vorme is juis gebaseer op kollektiewe psigiese strewes en behoeftes ("geestesaktiwiteite"), met ander woorde op buite-tekstuele werklikhede - hy gaan van die veronderstelling uit dat "literatuur *uit die lewe*" (Du Plooy, 1985) voortkóm. Die teks kry die volle geleentheid om sy eiesoortige appél *uit die lewe* op die leser te maak - in Lady Anne byvoorbeeld deur temas soos die eietydse politiek, feminisme, erotiek, die huisgesin en religie, en deur tipografiese interessantheide

soos die knipsels, sketse en die ovulasiekaart. Die leser se intuïtiewe lees word nie deur 'n gewigtige teoretiese vergrootglas verlam nie, terwyl die **eenvoudige vorme** tog as 'n waardevolle instrument kan dien om die verwarrende struktuur te orden.

Hierdie moontlikheid tot ordening sonder om noodwendig die spel en pluraliteit van die teks in te perk, maak Jolles se teorie myns insiens geskik as leesstrategie vir postmodernistiese tekste. Waar sodanige tekste met opset alle sake meng en jukstaponeer, alle grense oorskry, bied Jolles 'n holistiese manier om oor tekste te praat sonder om die leser se ervaring daarvan te vereenvoudig of in diens van 'n voorskriftelike sisteem te stel. 'n Teks kan in sy pluraliteit gelees word, terwyl dit terselfdertyd in verband gebring kan word "with human culture itself as an integrated set of possibilities and actions" (Elsbree, 1982:5).

Myns insiens word die "oneindige aantal fenomene" in die postmodernistiese teks in elk geval noodwendig (bewustelik of onbewustelik) deur die leser "gereduseer" (Jolles, 1965:21) om tot een of ander begrip daarvan te kom. Die tweede doelstelling in hierdie studie is om Jolles se teorie as sistematiseerder en kontrole te gebruik, aangesien dit wel ook genoeg ruimte laat vir 'n kreatiewe en skryfmatige werkwyse, oftewel:

Om Jolles se teorie van eenvoudige vorme te gebruik as riglyn en kontrole in 'n skryfmatige lesing van Lady Anne.

Deur van Jolles se eenvoudige vorme gebruik te maak, word die topologies gevormde teksbetekenis nie net op *tegniese* of *inhoudelike* gronde gesistematiseer nie, die teks kan ook as toegang tot onderliggende geestesaktiwiteite van die *gemeenskap* waaruit dit voortgekom het, gebruik word.

Soos uit hoofstuk 2 (2.4.3) sal blyk, is daar in die Afrikaanse teoretiese gesprek veral teorieë nodig wat moontlikhede bied om tekste sowel esteties-tegnies as inhoudelik-ideologies te ontsluit. Die Marxistiese literêre teorie gee voor om hierdie moontlikheid te bied (Jameson, Eagleton - sien Du Plooy, 1990), maar reduceer esteties-tegniese kwessies meestal tot historiese verskynsels, terwyl teorieë wat esteties-tegniese kriteria verabsoluteer weer die inhoudelik-ideologiese onderspeel.

Jolles se teorie van *einfache Formen* bied myns insiens wel die moontlikheid om sowel die esteties-tegniese as inhoudelik-ideologiese aspekte van 'n teks by interpretasie te laat geld. Hierdie dubbele gerigtheid spruit uit die feit dat hy sowel die geestesaktiwiteite van die *gemeenskap* as die *taal-* en *kunskonstruksies* waarin dit realiseer wil opspoor en beskryf. Uit die artistieke talige realisering (die *kunsvorm*) kan 'n onderliggende *eenvoudige vorm* afgelei word, wat teruggevoer kan word na die kollektiewe psige (*geestesaktiwiteit*) van die universele gemeenskap.⁵ In hierdie studie word ook verwys na die kollektiewe bewussyn van die spesifieke gemeenskap. Die derde doelstelling van die studie spruit uit die gemeenskapsgebondenheid in Lady Anne, en kan soos volg geformuleer word:

Om die vorme en betekenisse in Lady Anne deur Jolles se teorie te herlei na die gemeenskap waaruit dit voortgekom het.

Die hoofdoel van hierdie studie is om Lady Anne as bundel te ontsluit.⁶ Drie belangrike aspekte wat in die nastreef van hierdie doel verreken moet word, is die kompleksiteit van die teks (dit kan moontlik deur 'n kreatiewe en pluralistiese leesstrategie ontgin word), die gefragmenteerdheid daarvan (daarvoor word Jolles se teorie van 'n stel *eenvoudige vorme* gebruik), en die gemeenskapsverbondenheid daarvan (dit kan ondervang word deur 'n konteksspesifieke toepassing van die begrip "geestesaktiwiteit"). Die metode waarop hierdie doelstellings nagestreef word in die studie, word in 1.4 verder uiteengesit.

1.3 SENTRALE TEORETIESE STELLINGS

Die sentrale teoretiese stellings wat as vertrekpunt gebruik word in hierdie studie, is reeds geïmpliseer in die bogenoemde doelstellings. Dit kan soos volg geformuleer word:

Dat 'n skryfmatige lesing van Lady Anne die kompleksiteit van dié teks kreatief kan ontgin.

Dat Jolles se teorie van eenvoudige vorme gebruik kan word as sisteem en kontrole in 'n skryfmatige lesing van Lady Anne.

Dat die vorme en betekenisse in Lady Anne met behulp van Jolles se eenvoudige vorme herlei kan word na die gemeenskap waaruit dit voortgekom het.

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Vervolgens word die metodes beskryf waarvolgens daar te werk gegaan is om die genoemde teoretiese stellings geldig te bewys. In hierdie uiteensetting word veral gekyk na die *skryfmatige* werkwyse waarna in die titel verwys is, en na die manier waarop Jolles se teorie hanteer word as sleutel tot Lady Anne.

Barthes (1974:4-6) onderskei tussen leesmatige (*lisible/readerly*) en skryfmatige (*scriptible/writerly*) tekste. Leesmatige tekste is voltooide produkte wat geen kreatiewe inspanning van die leser verg nie, hulle is selfgenoegsaam en laat geen ruimte vir die leser om mede-producent van die teks te word nie. Skryfmatige tekste daarenteen dwing die leser om nie verbruiker nie, maar medeskrywer te wees - "the writerly text is *ourselves writing*". Tydens hierdie proses geniet die leser die pluraliteit van 'n teks en neem daaraan deel deur die "pluraliteit van ander tekste" (Barthes, 1974:10) wat reeds in sy bewussyn is te betrek.

Barthes se onderskeid tussen twee soorte tekste kan myns insiens ook toegepas word op die lees van tekste. Lees- en skryfmatigheid word dan nie net beskou as eienskappe van gegewe tekste nie, maar as leesstrategieë waarmee enige teks benader kan word⁷. Om 'n skryfmatige lesing van Lady Anne te doen, beteken dan om kreatief in die bundel rond te lees en (met subjektiewe intertekste as hulp) te help skep aan die betekenis en pluraliteit daarvan. Dit bied aan die leser die vryheid om mee te doen aan die pluraliteit en kompleksiteit van die teks sonder dat hy gedwing word tot klinkklare gevolgtrekkings. Dit lei ook tot *jouissance* of *tekstase*⁸, dit is die vreugde wat die teks deur middel van die leser se kreatiewe saamspeel aan hom bied.

Kreatiewe of skryfmatige lees is 'n sentrale werkwyse van hierdie hele studie. Sowel Jolles se Einfache Formen as Krog se Lady Anne word as *skryfmatige* tekste hanteer, deurdat ander teoretiese, literêre en subjektiewe (inter-)tekste daarby betrek word.

Vervolgens word die *manier* beskryf waarop Jolles se teorie in hierdie studie hanteer word. Die *waarde* wat die teorie kan hê in die analise van 'n teks soos Lady Anne word in 2.4 verder beredeneer.

Jolles formuleer nege eenvoudige vorme as kategorieë in 'n genresisteem. Soos wat sy teorie egter in hierdie studie gebruik word, het die *leser* die (poststrukuralistiese) vryheid om self aspekte van 'n enkele teks *volgens tekstuele aanwysers* in relevante kategorieë te plaas. Om 'n komplekse individuele teks te ontsluit, word Jolles se eenvoudige vorme hier nie as 'n klassifikasie-model gebruik nie, maar as 'n wyse van ordening van interne gegewe.

Tog word die inhoud/betekenis van Lady Anne in hierdie studie nie net gereduseer tot Jolles se teoretiese sisteem nie. Die betekenis word ook nie as *afhanklik* gestel van die "taal- en kulturele sisteme waaraan geappelleer word" nie (Johl, 1986:57). Die betekenis van die teks is myns insiens sowel binne taal en teks as binne leser, kultuur, omwêreld, ideologie, ensovoorts geleë - die teorie van eenvoudige vorme laat myns insiens aspekte van die betekenis uit al hierdie velde aan die lig kom sonder om die teksbetekenis te bind tot een of twee van die aspekte. Die rede hiervoor is dat die *teorie* bepaal watter basiese patrone (eenvoudige vorme) as vertrekpunte gebruik word; die *omwêreld, gemeenskap, kultuur* bepaal watter gegewe beskikbaar is om die vorme mee te vul; die *teks* wys talig en inhoudelik aan watter van sodanige gegewe relevant is; die *leser* vul die eenvoudige vorme volgens sy subjektiewe (ideologiese) lees van die teks en daaruit word moontlike teksbetekenisse⁹ uiteindelik afgelei. Dit is weliswaar slegs een van die moontlike maniere om die inhoud van die teks te ontsluit, maar myns insiens 'n baie bruikbare metode.

Die universaliteit en tydloosheid van die eenvoudige vorme wat Jolles beklemtoon, word in hierdie studie slegs deels onderskryf. Waar hy universele *Gestalten* identifiseer waarvan die tyd- en konteksgebondenheid geëlimineer is (vergelyk 2.2.2), word die analise van Lady Anne soos volg aangepak: op grond van Jolles se *universele* eenvoudige vorme, word korrelerende patrone in Lady Anne geïdentifiseer. Hierdie artistieke realiserings van die eenvoudige vorme word egter nie teruggevoer na universele geestesaktiwiteite nie, maar na die spesifieke geestesaktiwiteite van die tydsgewrig en gemeenskap waarbinne die eenvoudige vorm tot kuns omvorm is. Dit is myns insiens al manier waarop Jolles se teorie gebruik kan word om deur middel van die teks lig te werp op die konteks

waaruit dit ontspring het. Dit is ook 'n manier waarop die *einfache Formen* as genreteorie bruikbaar gemaak kan word as instrument van analise van 'n enkele komplekse teks.

Die teks word dus in hierdie analise as sleutel tot die gemeenskap gebruik, sonder dat die poësie gereduseer word tot 'n ideologiese dokument. Jolles se eenvoudige vorme (en die taalvorme waarin hulle realiseer) word as aanwysers gebruik om die leser in staat te stel om die geestesaktiwiteite agter die teks te kan sien (of die skrywer dit doelbewus in die teks ingeskryf het of nie, is nie ter sake nie). Al die eenvoudige vorme sal nie noodwendig in alle tekste gevind kan word nie, maar deur *taal-tegniese* merkers op te volg sal die leser wel kan vasstel watter (indien enige) voorbeelde in die teks word as navolgenswaardig beskou (*legende*), watter karakters of beskouinge word met geloofwaardigheid beklee (*memorable*), watter wêreld word as ideaal of ongewens geteken (*sprokie/anti-sprokie*), ensovoorts.

Elke eenvoudige vorm word gebruik om 'n (histories gesitueerde) vraag te formuleer wat sal help om die artistieke realisering van die vorm in Lady Anne te identifiseer. Daarna word afgelei uit watter geestesaktiwiteite hierdie *kunsvorme* voortgekom het. Op hierdie manier word gepoog om deur te dring tot die kollektiewe geestesaktiwiteite in eietydse Suid-Afrika wat in die teks Lady Anne aan die orde kom. Die veronderstelling is dan dat die antwoorde op minstens 'n paar van hierdie vrae deel sal wees van die "obvious dinge" wat literatore volgens Krog (1991:15) weer uit tekste moet haal.

1.5 DIE VERLOOP VAN DIE STUDIE

Die studie verloop in twee hoofdele. In hoofstuk 2 word 'n teoretiese agtergrond tot die studie gegee. Jolles se teorie van eenvoudige vorme word uiteengesit (2.2), en sy teorie word in literêr-teoretiese (2.3) en Afrikaanse (2.4) konteks geplaas. In die laaste afdeling (2.4) word die waarde van Jolles se teorie in 'n lesing van Lady Anne ook bepaal.

In hoofstuk 3 word Lady Anne skryfmatig gelees aan die hand van Jolles se teorie van eenvoudige vorme. Daar word 'n afdeling aan elkeen van die nege vorme gewy (3.2 tot 3.10). Elke afdeling bevat 'n opsomming van Jolles se uiteensetting van daardie spesifieke vorm, en 'n beskrywing van artistieke realiserings van dié vorm in Lady Anne. Op hierdie manier word die

postmodernisties gestruktureerde gegewe in die bundel skryfmatig georden tot nege patrone.

Hoofstuk 4 is 'n samevatting van die hele studie. Aangesien daar aan die einde van elke onderafdeling ook 'n samevatting gegee word, word in hoofstuk 4 veral gekonsentreer op gevolgtrekkings wat uit die studie gemaak kan word. Daar word ook geëvalueer in hoe 'n mate elkeen van die doelstellings van die studie kon realiseer.

AANTEKENINGE

1 Vergelyk Muller (1989) se studie oor Die topologiese aard van postmodernistiese fiksie.

2 'n Literêre teks kan moeilik finaal "ontsluit" word, elke lesing daarvan kan hoogstens bepaalde betekenis aan die lig bring wat voorheen nog onontgin was.

3 Vergelyk Stoker (1970:225-231).

4 Sien hoofstuk 2, voetnoot 2.

5 Jolles se teorie word in hoofstuk 2 (2.2) in besonderhede uiteengesit.

6 Sien weer voetnoot 2.

7 Selfs 'n Ena Murray-liefdesverhaal sou dan kreatief gelees kon word, hoewel dit moeilik sou wees om 'n Etienne Leroux-roman totaal sonder inspanning te benader.

8 Hierdie begrip van Barthes word in The Pleasure of the Text (1976) breedvoerig uiteengesit.

9 Ek verskil van Riffaterre (1981:227) wat meen dat 'n literêre teks net een regte interpretasie, "necessarily ... only one" kan hê. Barthes (1974:5) se uitspraak dra myns insiens meer gewig:

To interpret a text is not to give it a (more or less justified, more or less free) meaning, but on the contrary to appreciate what *plural* constitutes it.

HOOFSTUK 2

TEORIE: JOLLES SE *EINFACHE FORMEN*

2.1 INLEIDING

André Jolles¹ se teorie van **einfache Formen** het hy deur die loop van 'n aantal jare (1894 tot 1930 en daarna) in verskillende lesings en artikels ontwikkel. In 1930 is sy beskouings bymekaargesit deur twee van sy studente, Elisabeth Kutzer en Otto Görner en gepubliseer as Einfache Formen (Jolles, 1965).

Nadat die **inhoud** van Jolles se teorie vervolgens bespreek is (2.2), word dit eers in **literêr-teoretiese konteks** (2.3) en daarna in die **Afrikaanse literêre konteks** (2.4) geplaas. In 2.4 word ook gemotiveer waarom daar gemeen word dat Jolles se teorie nuttig kan wees in 'n analise van Lady Anne.

2.2 JOLLES SE TEORIE VAN *EINFACHE FORMEN*

2.2.1 Inleiding

In hierdie afdeling word Jolles se teorie van *einfache Formen* kortliks uiteengesit. Die inhoud van die teorie soos dit in die boek Einfache Formen (Jolles, 1965) gestel word en enkele teoretici se kommentaar daarop, kom hier aan die orde. Die teorie word in twee hoofdele bespreek: eers word die proses waarvolgens *geestesaktiwiteite taalgebare, eenvoudige vorme*² en *kunsvorme* word beskryf, en daarna die nege spesifieke eenvoudige vorme wat Jolles onderskei.

2.2.2 Van geestesaktiwiteit tot kunsvorm

Jolles (1965:1-6) meen dat die literatuurwetenskap hom met drie hoofrigtings, aanvullend tot mekaar, besig hou. Estetiese studies interpreteer literêre tekste op grond van die skoonheid (*Schönheit*), historiese studies op grond van die betekenis (*Sinn*) en morfologiese studies op grond van die vorm (*Gestalt*) daarvan. Jolles (1965:6) plaas sy eie teorie van *einfache Formen* in die laaste kategorie. Hy beskou die volgende stelling van Goethe as die grondslag van enige morfologiese studie:

Der Deutsche hat für den Komplex des Daseins eines wirklichen Wesens das Wort *Gestalt*. Er abstrahiert bei diesem Ausdruck von dem Beweglichen, er nimmt an, dass ein Zusammengehöriges festgestellt, abgeschlossen und in seinem Charakter fixiert sei.

In Duits is daar 'n woord om die bestaanskompleks van 'n reële wese aan te dui, naamlik *Gestalt*. In hierdie woord word die eienskap van beweging geabstraheer, daar word aangeneem dat 'n samehorigheid van dele bestaan wat afgesluit en vasgelê is in die aard van sy wese.³

Op hierdie manier, meen Jolles (1965:6-7), kan dit wat tydgebonde of vanself veranderlik is in die literatuur ook geëlimineer word om die *Gestalt*, dit wil sê die vaste vormlike aard van literatuur, vas te stel. Vir elke literêre teks kan vasgestel word in hoe 'n mate die aard en die beperkings van die onderliggende vorm uitgeloop het op 'n herkenbare en onderskeibare geheel, en in hoe 'n mate 'n spesifieke vorm geweef en gerealiseer word in die teks.

So 'n morfologiese werkwyse kan ook ten opsigte van die literatuur as 'n geheel belangrike insigte lewer. Daar kan vasgestel word in watter mate die som van al die herkenbare en onderskeibare vorme in tekste 'n homogene geheel vorm, met ander woorde of dit 'n sekere ordeningsbeginsel, 'n sisteem bevat. Die vasstelling en interpretasie van vorme is die uiteindelijke taak van hierdie metode: "Formbestimmung, Gestaltdeutung heißt für diese Richtung die Aufgabe" (Jolles, 1965:7). Nege *einfache Formen* is die resultaat van Jolles se ondersoek na die sisteem van vorme (*Gestalten*) onderliggend aan die literatuur.

Vervolgens word nagegaan hoe Jolles by sy sisteem van nege eenvoudige vorme uitgekom het.


'n Morfologiese literatuurstudie begin nie by die individuele artistieke teks nie, maar by die gemeenskaplike oorsprong van alle literêre tekste, naamlik die *taal*⁴ (Jolles, 1965:8). Om hierdie rede moet instrumente wat deur sowel die taal- as die literatuurwetenskap ontwikkel is, gebruik word. Daar moet vasgestel word waar, wanneer en hoe taal *konstruksie* (wat heenwys na betekenis) word sonder om sy aard as *teken* (wat self betekenis bevat) in te boet. Om die antwoord hierop te vind, wend Jolles (1965:9-10) hom na nege vorme wat nie in taal- en ook nie werklik in die gebruiklike literatuurkategorieë verreken word nie, naamlik die legende (*Legende*), sage (*Sage*), mite (*Mythe*), raaisel (*Rätzel*), spreuk (*Spruch*), kasus⁵ (*Kasus*), memorabile⁶ (*Memorable*), sprokie (*Märchen*) en

grap (*Witz*). Hierdie vorme word deur Jolles ondersoek as moontlike *Gestalten* onderliggend aan die literatuur.

Jolles identifiseer *Geistesbeschäftigungen*, 'n neologisme wat vertaal kan word as **geestesaktiwiteite** (Du Plooy, 1985:22; 1986:51, 52)⁷, dit is geestesbehoefte en -strewes in alle gemeenskappe. Die geestesaktiwiteite realiseer in natuurlike *Sprachgebärde* oftewel **taalgebare**, dit is konkrete taalkonstruksies wat "iets onveranderliks (is), wat op verskillende plekke en tye en in verskillende kulture verskillende uiterlike vorme kan aanneem, maar wat in wese altyd aan dieselfde kern herkenbaar bly" (Du Plooy, 1985:23). Bymekaarhorende en ooreenstemmende elemente in 'n taalgebaar verenig en groei tot 'n selfstandige "Gestalt". Die "Gestalt" is 'n abstrakte *einfache Form* of **eenvoudige vorm**. Die eenvoudige vorm word nie onderskei op grond van konkrete en oppervlakkige tekselemente nie, maar "op grond van die dieptestruktuur wat hy aan die geestesaktiwiteite en geestesbehoefte van die gemeenskap koppel" (Du Plooy, 1985:22). Die beskrywing van dieperliggende abstrakte struktuur wat uitloop op konkrete oppervlakstruktuur herinner aan Chomsky se baanbrekerwerk in die taalwetenskap in 1965 - vyf-en-dertig jaar na Jolles se Einfache Formen!⁸

Die nege eenvoudige vorme vind konkrete uiting in die **geaktualiseerde of gerealiseerde eenvoudige vorme**. So is *mite* byvoorbeeld die potensiele verhaal wat 'n antwoord op sekere kosmiese vrae, byvoorbeeld oor die skepping, wil gee. In sy *eenvoudige vorm* is dit "'n abstraksie met bepaalde essensiële onderdele en vormlike eienskappe" (Du Plooy, 1985:26). Hierdie abstraksie vind konkrete gestalte in 'n spesifieke *mitos* soos die Adamastorverhaal. Die *Kunstform*, dit wil sê die **kunsvorm** of literêre vorm is die doelbewuste, unieke gebruik van 'n eenvoudige vorm in 'n individuele literêre teks, in hierdie geval byvoorbeeld André Brink se novelle Die eerste lewe van Adamastor (1988).

Op hierdie manier konkretiseer 'n *geestesaktiwiteit* in taalgebare, die *taalgebare* groei tot 'n eenvoudige vorm, die *eenvoudige vorm* kan manifesteer in 'n *gerealiseerde eenvoudige vorm* en/of deur 'n individuele kunstenaar omvorm word tot 'n unieke *kunsvorm*. Dit is die basis van Jolles se morfologiese teorie waarmee hy die verband lê tussen die kollektiewe geestesaktiwiteite wat in gemeenskappe lewe, taalvorme en kunsvorme. Die **eenvoudige vorm** is inderdaad die sleutel tot sy teorie.⁹ Die proses wat Jolles in sy teorie beskryf, word op die volgende bladsy grafies uiteengesit:



Jolles (1965:21-22) vertel 'n bekende verhaaltjie om sy gebruik van eenvoudige vorme te motiveer: 'n towenaar gee aan 'n jong meisie opdrag om 'n enorme hoop saadkorrels van verskillende soorte in 'n enkele nag te orden. Voëls en insekte kom haar help om die hoop korrels te sorteer - elke soort word op sy eie houpie gepak sodat dit herken en na waarde geskat kan word. Toe die towenaar die volgende oggend daar kom, het die *chaos* 'n *kosmos* geword! Dit is ook die doel van die teorie van **eenvoudige vorme**: om die oneindige hoeveelheid fenomene in die wêreld en die literatuur te sistematiseer tot enkele *vorme* "die als solche gegenständlich erfaßt werden kann, die, wie wir sagen, eigene *Gültigkeit*, eigene *Bündigkeit* besitzt" (Jolles, 1965:22), dit wil sê "wat as konkrete gegewe begryp kan word, en wat hulle eie geldigheid en samehang besit".

Du Plooy (1985:29) beskou Einfache Formen as "een van dié werke wat die grondslae van die moderne verhaalteorie vorm". Op grond van al die verskillende verwysings na en studies van die teorie sedert 1930, kom sy tot die gevolgtrekking dat "Jolles se insigte, hoewel dit voortkom uit 'n andersoortige benadering as die kontemporêre, nog steeds relevant en stimulerend is".

2.2.3 Nege eenvoudige vorme

Daar word nie hier te veel aandag aan 'n uiteensetting van die nege eenvoudige vorme in Jolles se teorie bestee nie, aangesien dit reeds deeglik en kernagtig behandel is deur Scholes (1974:41-50), Beekman (1982:329-344), Bodar (1983b:71-87) en Du Plooy (1985:20-37 en 1986:50-61). Daarbenewens word elke vorm apart in hoofstuk 3 uiteengesit, sodat die doel van hierdie afdeling

slegs is om 'n oorsig van die nege vorme te gee en belangrike kommentaar en kritiek daarop te behandel.

Die nege eenvoudige vorme word in die volgorde wat Jolles (1965) dit bespreek het, genoem. Bodar (1983:82-83) sit die betekenis en logika van hierdie volgorde oortuigend uiteen.¹⁰

Die **legende** vloei voort uit die mens se behoefte daaraan om 'n ideale leefwyse as voorbeeld te hê: dit is die verhaal van 'n heilige of held wat navolgenswaardig opgetree het. Die negatiewe manifestering van hierdie eenvoudige vorm is die **anti-legende**. Daarin word heroïese boosheid uitgebeeld, byvoorbeeld in die verhale van Don Juan.

Onderliggend aan die **sage** is die geestesaktiwiteite wat met familiebande, bloedverwantskap en stamverband verband hou. Sake soos bloedwraak, die huwelik, nalatenskap en erflikheid kom in die realiserings van hierdie eenvoudige vorm ter sprake.

Die **mite** vloei voort uit die mens se behoefte daaraan om meer te weet van sake van groot belang. Mitiese verhale kom as antwoord op kosmiese vrae oor syn en sin; daar is altyd 'n verband met die religieuse, die onsienlike, die kultiese (Du Plooy, 1985:27).

In teenstelling tot die mite, val die klem by die **raaisel** op die vraag en nie op die antwoord nie. Dit kom voort uit die behoefte om iets uit te vind wat iemand anders reeds weet. In die raaisel word die aandag gevestig op die taal self, op die vermoë van taal om betekenis te verhuul, oor te dra of te verdubbël (Scholes, 1974:45).

Die **spreuk** is ook 'n eenvoudige vorm wat taal vooropstel. Dit vloei voort uit die geestesaktiwiteit om waarnemings of ervarings bondig saam te vat, "omdat ervaring in die werklikheid sonder begin of einde is in die reeks van merigvuldige ervarings" (Du Plooy, 1985:28). Volgens Scholes (1974:45) is die doel agter die spreuk "to compress (meaning) into a memorable formula".

Die **kasus**, 'n soort gevallestudie, ontstaan uit die behoefte om gebeure of handeling aan 'n norm te toets. Scholes (1974:46) definieer die kasus as "a hypothetical narrative that relates some possible human action to some set of

norms and values". Daar is nie by die kasus soseer sprake van reg of verkeerd nie, maar van 'n vergeelyking tussen twee soortgelyke sake.

Die **memorable** is die eenvoudige vorm waarin gepoog word om die eiesoortige kenmerke van 'n tipiese gebeurtenis (of die tipiese kenmerke van 'n eiesoortige gebeurtenis) in konkrete besonderhede op te teken. Die geestesaktiwiteit daaragter is die soeke na feite en geloofwaardigheid; helder konkrete besonderhede word gebruik om 'n spesifieke memorable se aansprake op die waarheid te staaf.

In die **sprokie** word 'n wêreld voorgestel wat opsetlik beter en anders as die werklikheid is. Die sprokie gee gestalte aan die mens se naïewe morele en etiese oordele: dit is 'n illustrasie van hoe die mens graag sou wou sien dat dit in die wêreld gaan (Du Plooy, 1985:28). In die sprokie word die goeie beloon en die bose gestraf, terwyl 'n kwaadwillige wêreld deur sy naïewe immoraliteit tragiese gebeure veroorsaak in **anti-sprokies**.

Die **grap** val ontoereikendhede in taal, logika en etiek aan met humor en spot, met die doel om dit te ontmasker, te ontknoop, of te ontlont. As 'n grap slaag, bied dit verligting van spanning en geestelike bevryding. In die taaluitinge van die grap, word woordspel, absurde logika en onfatsoenlikheid gebruik (Bodar, 1983b:80-81).

Bodar (1983b:81) som Jolles se hele teorie van eenvoudige vorme in die volgende tabel op (volledigheidshalwe word die gerealiseerde eenvoudige vorm en die voorwerp wat met elke eenvoudige vorm geassosieer word ook ingesluit):

geestes- aktiwiteit	eenvoudige vorm	gerealiseerde eenvoudige vorm	voorwerp
imitatio	legende	vita	relikwie
bloedverwantskap	sage	saga	erfstuk
weet (epistèmè)	mite	mitos	simbool
weet (gnosis)	raaisel	raaisel	rune
ervaring	spreuk	spreekwoord	embleem
norm	kasus	kasus	loon
die konkrete	memorable	memorable	dokument
naïewe moraal (en die tragiese)	sprokie	sprokie	-
ontbinding (bevryding)	grap	grap	karika- tuur

Een van die mees gekritiseerde aspekte van Jolles se teorie, is die feit dat hy die eenvoudige vorme as 'n geslote versameling beskou sonder dat hy 'n verantwoordbare sistematiek daaragter uiteensit: "... as a 'closed system of simple forms' the book fails - because it is neither closed nor systematic" (Scholes, 1974:48).¹¹

Henrik Becker stel na Jolles se dood 'n moontlike tiende vorm en sistematiek wat Jolles sou oorweeg voor en plaas die tien vorme in 'n tabel (Scholes, 1974:48-49; Du Plooy, 1985:29; Bodar, 1983b:82-83; Beekman, 1982:332-333). Die vorme word in vyf pare verdeel wat sou korrespondeer met vyf spreekwyses, naamlik die vraag, stelling, stilte, bevel en wens. Die pare word elk weer verdeel in 'n realistiese en 'n idealistiese vorm. Die tabel lyk soos volg:

	Vraag	Stelling	Stilte	Bevel	Wens
Realisties	<i>kasus</i>	<i>sage</i>	<i>raaisel</i>	<i>spreuk</i>	<i>fabel</i>
Idealisties	<i>mite</i>	<i>memorable</i>	<i>grap</i>	<i>legende</i>	<i>sprokie</i>

Scholes (1974:49) spreek baie sterk kritiek uit teen hierdie indeling:

Clearly it is better to have no system at all than to have this travesty of the systematic, which itself seems almost like a joke at the expense of structuralism.

Die feit dat al die genoemde kritici Becker se tabel steeds weergee en uiteensit, is myns insiens 'n aanduiding dat die gebrek aan sistematiek werklik tot dusver 'n leemte in Jolles se teorie is. Moontlik sal daar na 'n deeglike toepassing van die eenvoudige vorme op 'n enkele teks, meer lig hieroor opgaan. Daar sal ook na die analise van die realisering van Jolles se sogenaamd *universele* en *tydlose* eenvoudige vorme in Lady Anne bepaal kan word in hoe 'n mate elke vorm motiveerbaar is as uitvloeisel van die geestesaktiwiteite wat tans in Suid-Afrika lewe.

2.2.4 Samevatting

In hierdie afdeling is die uitgangspunte van Jolles se teorie in breë trekke uiteengesit. Daar is verwys na die proses waardeur geestesaktiwiteite taalgebare, eenvoudige vorme, gerealiseerde eenvoudige vorme en kunsvorme word. Daar is ook 'n kort omskrywing van elke eenvoudige vorm wat Jolles identifiseer gegee, en 'n opsomming van die hele teorie is in tabelvorm weergegee. Daar is ook verwys na die kritiek wat Jolles se sisteem uitgelok het.

2.3 JOLLES IN LITERÊR-TEORETIESE KONTEKS

2.3.1 Inleiding

In hierdie afdeling word Jolles se teorie van eenvoudige vorme in verskillende opsigte in literêr-teoretiese konteks geplaas. Dit is myns insiens 'n onontbeerlike deel van die bespreking van enige teorie, omdat teorieë se swakhede en sterk punte dikwels teen die agtergrond van tydgenootlike (of dan enige ander) teorieë aan die lig kom. Op sigself sou Jolles se teorie veel minder waarde hê as wanneer dit saam met ander teorieë gebruik kan word.

Hierdie studie is beslis nie 'n onvoorwaardelike onderskrywing van die morfologiese benadering nie, maar eerder 'n poging om Jolles se teorie opnuut te betrek by die literêr-teoretiese insigte van die dag ter wille van die balans en

hernuwing wat dit mag help bring, ook in Suid-Afrika. Die belang hiervan word in 2.4 uiteengesit.

Die literêr-teoretiese agtergrond waarteen Jolles se *einfache Formen* afgespeel word, neem vyf vorme aan. Eerstens word, op grond van die teorie se chronologiese plek in die geskiedenis van die literêre teorie, bepaal waar dit in Kuhn (1962) se beskrywing van teoretiese paradigmawisseling geplaas kan word. Daarna word die *einfache Formen* vergelyk met ander teorieë ten opsigte van sy beskouing van die verhouding tussen teks en konteks - 'n kwessie waaroor baie en uiteenlopende menings bestaan en waaroor elke teorie (al is dit dan implisiet) uitspraak moet lewer. In die derde plek word Jolles se teorie ten opsigte van verskillende ander literêre teorieë geplaas. Daar word onder andere gekyk hoe verskillende teorieë die eeue-oue maar nuut-benoemde kwessie van intertekstualiteit verreken, en hoe Jolles as genre-teorie vergelyk met ander teorieë oor die indeling van tekste. Ten slotte word Jolles se teorie uit 1930 in die eietydse poststrukturealistiese konteks geplaas, veral in die lig van die bevryding tot teoretiese gesprek wat hierdie benaderings bepleit.

2.3.2 Kuhn se teorie van paradigmawisseling

T.S. Kuhn (1962) beskryf in sy boek The Structure of Scientific Revolutions die fases waardeur wetenskaplike teorieë gaan. Sy terme *paradigma* en *paradigmawisseling* is steeds algemeen in gebruik by die beskrywing van die groepering en verandering van benaderings in die wetenskap.

'n Paradigma is soortgelyk aan 'n wetenskaplike skool, maar van groter en algemener omvang. Dit verwys na al die uitgangspunte en gepaardgaande terme en metodes wat 'n aantal wetenskaplikes in 'n spesifieke vakdissipline in 'n bepaalde periode gemeen het. Paradigmawisseling is die oorgang van een so 'n paradigma na 'n volgende en geskied in drie fases. In die preparadigmatiese fase is konsensus nog nie bereik oor hoe die dissipline op daardie stadium daar moet uitsien nie. Vrae word gestel rondom die doelstellings, werkwyses, studieobjekte, ensovoorts van die dissipline. Binne 'n bepaalde paradigma is konsensus oor hierdie sake wel bereik. Die konsensus word in die postparadigmatiese stadium verbreek wanneer bepaalde anomalieë in die paradigma aan die lig gebring word. 'n Preparadigmatiese fase begin dan weer. Van Gorp (1986:297) noem die volgende as opeenvolgende paradigmas in die literatuurstudie: positivisme, *Geistesgeschichte*, formalisme, strukturalisme, resepsie-ondersoek Die

huidige paradigma is moeilik onderskeibaar, miskien omdat die poststrukuralistiese benaderings (byvoorbeeld die teorieë van Barthes en Derrida) juis die verweefdheid en interafhanklikheid van alle (ook teoretiese) tekste beklemtoon. 'n Benadering uit dieselfde tydperk as die poststrukuralisme, maar wat tog radikaal daarvan verskil, is verskeie teorieë met 'n ideologiesekritiese inslag, soos uiteengesit deur Jameson, Eagleton en ander.

Jolles (1965:1-7) sit sy morfologiese teorie as aanvulling tot en korrekatief op die voorafgaande teorieë uiteen. In die agtiende eeu was estetiese teorieë toonaangewend, waarvolgens 'n kunswerk bo alles *mooi* moes wees. In die negentiende eeu het historiese teorieë weer sentraal gestaan, met klem op die wette van historiese ontwikkeling en die genialiteit van die kunstenaar. In Kuhn se terme kan Jolles se teorie in die oorgang tussen twee paradigmas geplaas word. Die anomalieë van die positivisme en die *Geistesgeschichtliche Methode* is besig om aan die kaak gestel te word, terwyl die ekstreme teksimmanente beskouings van die formalisme en vroeë strukturalisme nog nie gevestig is nie. In 'n sodanig preparadigmatiese stadium is die (gevaarlike) absolute konsensus van 'n gevestigde benadering nog nie bereik nie, en die teoretiese gesprek het die wins van kritiese en dus meer gebalanseerde insigte. Scholes (1974:41-42) noem Jolles 'n *protostrukuralis*, wat tog nooit verbind is met enige formalistiese of strukturalistiese "skool" nie. Hy beskryf Jolles en Étienne Souriau se teorieë as interessante eksperimente, "isolated, almost eccentric in nature, which have proved stimulating to later writers and have remained very interesting in themselves, both for their insights into literary structures and for the light they shed on the opportunities and difficulties involved in approaching literature systematically".

Synde deel van die Duitse morfologiese literatuurbenadering, is Jolles se teorie op die oog af 'n outonomiebenadering. Literatuur word beskou as 'n outonome organisme (morfè), met ander woorde 'n organiese geheel wat uit 'n spesifieke organisasie van sy onderdele bestaan (Van Gorp, 1986:264; Jolles, 1965:6-7). Anders as die streng formalistiese benaderings egter, ontken Jolles nie die geworteldheid van die literatuur in die gemeenskap nie. Hy noem homself trouens 'n *littérêr-historiese* morfoloog (Bodar, 1983b:85; Jolles, 1925c:387). Dit is baie veelseggend in hierdie verband dat Olivier (1991:116) die eietydse "nuwe paradigma" in die literatuur voel-voel juis "literatuurhistories" noem. Sou dieselfde vrae in die huidige paradigmawisseling voorkom as tydens die oorgang tussen die *Geistesgeschichtliche Methode* en strukturalisme?

Daarom sou Jolles se teorie uit 'n vorige paradig...awisseling dalk juis nou waarde kan hê - die huidige tydperk is myns insiens ook 'n oorgangsfase in die literêre teorie waartydens nog nie uitsluitel verkry is oor veral die verhouding tussen werklikheid en teks nie. Alle moontlikhede kan dus aan die orde kom, ook dié uit duisend maal ontluisterde benaderings en veral dié uit vorige oorgangsfases.

Bevrydend soos dit in sekere opsigte is, verabsoluteer die ekstreme uitlopers van die poststrukturealisme *tekstualiteit* in so 'n mate dat kontak met die werklikheid in historiese, konkrete sin dikwels skipbreuk ly - vergelyk Derrida (1976:158) se veelbesproke stelling "(t)here is nothing outside of the text".¹² Marxistiese ideologiekritiek aan die ander kant, beskou die lees en interpretasie van tekste vanuit 'n politieke en ideologiese perspektief as "the absolute horizon of all reading and all interpretation" (Jameson, 1981:17). Van Wyk *et al.* (1988:inleiding) definieer poësie as "'n subjektiewe en ideologiese verwoording van 'n sosiale toestand of 'n historiese moment". Daar word dus ook 'n ekstreme standpunt ingeneem ten opsigte van teks en werklikheid, of dan teks en konteks. Hierdie kwessie, die verband tussen teks en konteks, is miskien die belangrikste "specifieke vraagstelling" (Van Gorp, 1986:297) wat verskillende paradigmas in die literatuurwetenskap van mekaar onderskei. (Meer daaroor in 2.3.3.) Kan Jolles se hantering van onder andere die verhouding tussen teks en konteks 'n bydrae lewer in die huidige soeke na 'n nuwe paradigma?

Poststrukturealisme en ideologiekritiek is nie die enigste twee benaderings wat vooruitbeur om die paradigkawisseling te probeer oorleef nie. In die postmodernistiese era van pluraliteit is sulke enkellynigheid onmoontlik:

In the postmodern sensibility, the search for unity has apparently been abandoned altogether. Instead, we have textuality, a cultivation of surfaces endlessly referring to, ricocheting from, reverberating onto other surfaces (Gitlin, 1990:15).

Die feministiese literatuurkritiek, semiotiek, tekslinguistiek, dieptepsigologiese literatuurkritiek en ander, is almal betrokke by die huidige gesprek - dis die bevryding én kakofonie wat die poststrukturealisme/ postmodernisme gebring het. Hoe en wanneer die literêr-teoretiese kakofonie na 'n dialoog omgeskakel gaan kan word, bly 'n ope vraag.¹³

Daar is in Jolles se teorie, hoewel dit veel eenvoudiger is as (Marxistiese) ideologiekritiek, poststrukuralisme en baie ander benaderings wat oor jare deur verskeie teoretici gevorm word, myns insiens tog 'n oorwoë balans tussen taal/teks en werklikheid - 'n oorwoënheid wat in die huidige paradigmawisseling opnuut insigte kan bring.

2.3.3 Teks/konteks - die verlore skakel?

Jolles bied moontlik 'n verlore skakel tussen die twee teoretiese ekstremiteite waarin die literatuurteorie hom tans bevind, naamlik verabsoluttering van die *teks* en die *werklikheid* onderskeidelik. Van hom word immers gesê dat hy "cultuur en leven, literatuur en leven als een enkel onscheidbaar gegeven" (Bodard, 1983a:37) beskou. Tog maak sowel dekonstruksie as ideologiekritiek ook hierdie aanspraak. Wat onderskei Jolles van hulle?




Waar dekonstruksie die hele lewe teks wil maak, en ideologiekritiek alle tekste (historiese, ideologiese) lewe, verabsoluteer Jolles nie een van die twee nie. Hy vind 'n gemeenskaplike faktor tussen lewe en literatuur: die **eenvoudige vorm**. Eenvoudige vorme is patrone wat sowel in die lewe (in die vorm van geestesaktiwiteite en taalgebare) as in die literatuur (in die literêre of kunsvorm) voorkom. Hierdie dubbele manifestering, hetsy kousaal of insidenteel¹⁴, maak die *eenvoudige vorm* as begrip bruikbaar in literêre analises.

Die verskil tussen die bogenoemde twee hoofrigtings en Jolles se teorie ten opsigte van die verhouding tussen literatuur en lewe (teks en konteks), kan soos volg voorgestel word:

DEKONSTRUKSIE

IDEOLOGIEKRITIEK

EINFACHE FORMEN



Alle literêre teorieë het een of ander beskouing van die verhouding tussen teks en konteks. In die resepsie-estetika is die leser die "verlore skakel", in die semiotiek die kode, in die leesstrategieë van *New Criticism* die tema, in die dieptepsigologiese benaderings die psige, in die taalhandelingssteorie en die formalisme taal. Jolles word hier gebruik omdat hy in 'n relatief eenvoudige teorie die (kollektiewe) psige van 'n gemeenskap (*geestesaktiwiteite*), gewone taalgebruik (die *taalgebaar*) en literêre tegniek (die *kunsvorm*) verbind.

Die skakel wat volgens Jolles tussen die literêre teks en die werklikheid lê, is **geestesaktiwiteite** en die feit dat hulle ook in gewone taalgebruik manifesteer. Hierdie beskouing in die Einfache Formen kan in dieselfde raam as Elsbree (1982) se The Rituals of Life geplaas word. Die vertrekpunt by beide die teorieë is dat daar natuurlike intuïtiewe aktiwiteite bestaan wat in alle gemeenskappe voorkom. Elsbree (1982:vii) stel dit eksplisiet dat hy die *mens* wil terugplaas in die literatuurwetenskap, in teenstelling tot die algemene neiging wat hy soos volg beskryf:

The tendency is to split literature from life, and to deny to the storyteller . . . and her or his audience their validity of participation and motives.

Volgens Elsbree (1982:vii) is daar vyf argetipiese handelinge wat in stories voorkom, en wat dit moontlik maak dat stories uit verskillende tydperke, plekke en kulture vir 'n enkele leser steeds kan sin maak. Dit was inderdaad (vyftig jaar vantevore) ook Jolles se betoog: dat daar universele *Geistesbeschäftigungen* bestaan wat in alle gemeenskappe herlei kan word tot nege eenvoudige - argetipiese - vorme. Beide teoretici ondersoek dus argetipiese menslike (geestes-) handelinge as onderliggend tot die literatuur.

Elsbree (1982:5) se motivering vir sy teorie, kan myns insiens ook vir Jolles s'n gebruik word:

. . . we require holistic ways of talking about the narratives we have read, seen, or heard - ways that do not simplify our experience of the work or take it away from us in the service of some system, and ways that also assist us in connecting this work or theme with others like it, and with human culture itself as an integrated set of possibilities and actions.

Elsbree verwerp myns insiens nie die gebruik van 'n sisteem nie (sy vyf argetipiese "rituele" is tog ook 'n soort sisteem), maar wel die onderwerping van alle literêre tekste aan die gesag van 'n enkele sisteem.¹⁵

Jolles (1965:6-7) staan wel ekplisiet 'n sisteem voor, en die ooreenkoms tussen die volgende stelling en Elsbree s'n is opvallend:

Um die Welt zu verstehen, muss er sich in sie vertiefen, muss er die endlose Zahl ihrer Erscheinungen in irgendeiner Weise verringern, muss er sondernd in sie eingreifen (Jolles, 1965:21).

Om die wêreld te verstaan, moet jy jou daarop ingrawe, moet jy die oneindige aantal verskynsels daarin op een of ander manier reduseer, moet jy jou sonder huiwering daarmee bemoei.

Jolles se sortering bring hom by **geestesaktiwiteite**. Die eenvoudige vorme is deel van sy poging om die werklikheid in hanteerbare eenhede te verdeel en die geestesaktiwiteite is die beginpunt van die proses wat uiteindelik op kunswerke (literêre tekste) uitloop. Die vraag na die mate waarin hierdie geestesaktiwiteite wel universeel en argetipies is, sou waarskynlik by 'n sosio-psigologiese studie tuis hoort. Wat wel vir die literatuurwetenskap belangrik is, is hoe die geestesaktiwiteite via eenvoudige vorme in die teks manifesteer. Die manifestering van die eenvoudige vorme in die **teks**, kan dan gebruik word as rigtingwysers na die (**fiktiewe**) **werklikheid** wat in die teks geskep word, en na die **werklikheid/konteks** waaruit die teks voortgekom het. Op hierdie manier kan Jolles se morfologiese teorie inderdaad as skakel in die komplekse verhouding tussen teks en konteks gebruik word.

Thys (1954:208) noem Jolles 'n "trait d'union tussen de cultuur-historici en de eigenlijke literatoren" - die blote moontlikheid maak ondersoek die moeite werd.

2.3.4 Eenvoudige vorme en ander literêr-teoretiese benaderings

2.3.4.1 Algemeen

Om die wins van die poststrukuralistiese bevryding tot grenslose interteks te benut, moet 'n pluralistiese oog deurentyd op ander literêre teorieë gehou word. Met die volgende vrae word moontlike verbande tussen Jolles se teorie van eenvoudige vorme en ander teorieë aangedui:

Hoe vergelyk Jolles se *Geistesbeschäftigungen* met Elsbree (1982) se "rituals of life"? Kan die linguistiese navorsing agter Pratt (1977) se taalhandelings-teorie, dalk Jolles se blote "goede wil om taalkunde te bedrywen" (Bodar, 1983b:84) aanvul? Hoe sou Jolles se klassifikasiemodel vaar as dit vergelyk word met ander genre-teorieë soos dit in Fowler (1985) se klassieke werk Kinds of Literature uiteengesit word?¹⁶ Is daar ooreenkomste tussen Jolles se **kunsvorm** en die ideologiekritiese beskouing van poësie as "'n subjektiewe en ideologiese verwoording van 'n sosiale toestand of 'n historiese moment" (Van Wyk *et al.*, 1988:inleiding)? Of tussen Jolles se aktualisering van die eenvoudige vorm in 'n kunsvorm, en die Formaliste se beskouinge van deoutomatisering en vervreemding, van die oorgang van artefak na estetiese objek? Watter moontlike verbande is daar tussen *Geistesbeschäftigungen* en Jung se teorie van 'n kollektiewe onbewuste?

Al hierdie vrae sal nie eens deels in 'n enkele studie beantwoord kan word nie, maar belangriker is 'n erkenning van die feit dat die aard en veral die huidige stand van die literatuurteorie minstens 'n mate van pluralisme vereis:

(I)t would appear that the only satisfactory approach to the existing diversities of criticism must be one that recognizes a plurality of distinct critical methods - each of them valid or partially valid within its proper sphere (Crane, 1965:8-9).

2.3.4.2 Van Coller se oorsig oor literatuurteorieë

Van Coller (1983:103-112) sit verskillende ordeninge van benaderings tot die literatuur uiteen. Hy verwys na Abrams se windmeulskema van die literêre

kommunikasieproses en na die benaderings tot die teks as onderskeidelik *dokument* (positiwistiese beskouing), *monument* (veral in die formalisme en die hermeneutiek) en *teken* (in die resepsie-estetika en semiotiek).

Literatuur word op verskillende gronde gedefinieer: die Russiese Formaliste gaan byvoorbeeld uit van die *werking* van die literatuur; die New Critics van die *eienskappe* daarvan en die Marxiste van die *funksie* daarvan. Verder verwys hy na E.D. Hirsch se uiteensetting van twee skole in literêre evaluering, naamlik die "intrinsic account" wat die outonomie van die kunswerk voorhou, en die "instrumental account" wat die waarde van die kunswerk sien as veranderlik en gekoppel aan wisselende verhoudings, byvoorbeeld in verhouding tot sy tyd, sy maatskappy, sy publiek. Voorts onderskei Van Coller (1983:107-111) tussen die ouer en nuwe paradigmas in die literatuurwetenskap op grond van hulle onderskeie sienings van die sender, die verhouding tussen sender en boodskap, die boodskap self en die verhouding tussen boodskap en ontvanger. Waar sou Jolles in al hierdie ordeninge inpas?

Jolles beskou die *teks as dokument* in soverre dit geestesaktiwiteite wat in die gemeenskap leef registreer. Dit is egter ook *teken* omdat dit in (aanduibare) verhouding tot die *sender* staan - die sender is die agent wat die eenvoudige vorm 'n spesifieke artistieke gestalte gee. Jolles (1965:44) verwys self na die dubbelfunksie van taal wat "meinen" ('n saak aandui) en "bedeuten" (self 'n betekenisvolle saak word - Du Plooy, 1985:26). Hoewel hy nie veel klem daarop lê nie, verreken Jolles se teorie ook die verhouding tussen die teks en die *ontvanger* daarvan, omdat hy wel verwys na die uitwerking van gerealiseerde eenvoudige vorme en kunsvorme op die gemeenskap. Die geestesaktiwiteit word vorm, maar die voltooide vorm beïnvloed ook weer die denke van die gemeenskap. Du Plooy (1985:32) sit die moontlike raakpunte tussen Jolles se teorie en die resepsie-estetika soos volg uiteen:

Omdat Jolles die gemeenskap en die geestesaktiwiteit in 'n gemeenskap as uitgangspunt neem, en sterk klem lê op die uitwerking wat die gerealiseerde eenvoudige vorm en kunsvorm (en ook die basiese taalkonstruksies) op die gemeenskap het, kan 'n mens aflei dat hy intuïtief die resepsie van literêre vorme as 'n belangrike aspek van die literêre kommunikasie gesien het. Dat dieselfde geestesaktiwiteit by verskillende volke en op verskillende tye in die geskiedenis tot verskillende taalkonstruksies en ook verskillende literêre vorme aanleiding gee, toon myns insiens 'n ooreenkoms met die idee van die resepsiegemeenskap soos die sosiolinguïstiek met hierdie begrip werk.

Ook die verhouding tussen die teks en die *buitetalige werklikheid* kom in Jolles se teorie aan die orde: die geestesaktiwiteite van die gemeenskap is die oorsprong van abstrakte eenvoudige vorme wat ook nie-literêr realiseer.

Wat die verskillende definisies van die literatuur betref, verwys Jolles na sowel die **werking** van die literatuur (eenvoudige vorme *word* gerealiseerde eenvoudige vorme en/of kunsvorme), as die **eienskappe** (literatuur *is* gemeenskapsverbonde, klassifiseerbaar in verskillende eenvoudige vorme, ensovoorts) en die **funksie** daarvan (die unieke kunsvorm *verteenwoordig* die universele - myns insiens ook 'n spesifieke - gemeenskap).

Van die twee skole wat Hirsch onderskei, staan Jolles weer met 'n voet in elke kamp. Enersyds is hy 'n morfoloog wat abstrakte vorme se *intrinsieke* literêre realisering in die teks beskryf, maar andersyds val hy beslis ook onder die "*instrumental account*": die kunswerk is nie outonoom nie, maar verbonde aan die geestesaktiwiteite van die gemeenskap, aan realiserings van dieselfde eenvoudige vorm in die gewone taal en ook aan die gemeenskap wat die werk ontvang en daardeur beïnvloed word.

Die volgende opmerkings kan ten opsigte van Van Coller (1983:107-111) se uiteensetting van die ou en nuwe paradigmas gemaak word. Ten opsigte van die *sender*, maak Jolles hom nie skuldig aan die "intentional fallacy" of die "biographical fallacy" nie.¹⁷ Hy akkommodeer die outeur wel in die opsig dat laasgenoemde 'n spesifieke individuele realisering gee aan die geestesaktiwiteite wat in sy gemeenskap leef en die eenvoudige vorme waarin dit uitmond. Jolles gee nie veel aandag aan die *verhouding tussen die sender en die boodskap* nie, die psige van die outeur kom alleen ter sprake in die feit dat die kunstenaar die agent is wat die eenvoudige vorm in 'n unieke kunsvorm laat realiseer. Wat die *boodskap* self betref, onderskryf Jolles nie 'n suiwer "werkimmanente" benadering met die teks as outonome monument nie, hoewel hy ook nie intertekstualiteit in die moderne (Kristeviaans, Derridiaanse) sin suggereer nie. (Die spesifieke soort intertekstualiteit wat in sy teorie beskryf word, kom net hierna aan die orde.) Die *verhouding tussen die boodskap en die ontvanger* kom nie spesifiek in Jolles se teorie aan die orde nie, hoewel hy ten opsigte van die legende wel aandui hoe die gerealiseerde eenvoudige vorm op die gemeenskap inwerk. Daar is voorts ook 'n duidelike verband tussen Jolles se beskrywing van die kunsvorm as 'n individuele improvisasie op algemene taalgebare en die sieninge van die taalhandelingsteorie (vergelyk ook Du Plooy, 1985:32).

Dit is myns insiens waar Jolles geplaas kan word ten opsigte van al die benaderings tot die literatuur wat Van Coller (1983) bespreek.

2.3.4.3 Benaderings tot intertekstualiteit

Jolles se teorie van *einfache Formen* kan ook binne 'n ander sfeer geplaas word, naamlik as benadering tot intertekstualiteit. Ten opsigte van Lady Anne sê Barnard (1991:31) uitgesproke hieroor "dat Antjie binne 'n postmodernistiese literatuurkonteks werk waar die teorie van intertekstualiteit die outonomie-mite vervang en oorheers". Watter teorieë van intertekstualiteit is tot 'n leser se beskikking as hy 'n instrument nodig het om sin te maak uit 'n postmodernistiese teks? Waar pas Jolles in ten opsigte van sodanige teorieë? Kan hy meer of minder lig werp as die ander?

Morgan (1989) gee in sy artikel "Is there an intertext in this text?: Literary and interdisciplinary approaches to intertextuality" 'n oorsig van verskeie literatuurteoretici se hantering van die verhouding tussen tekste. Sy oorsig en evaluering strek van Eliot (1965, eerste uitgawe 1923), lank voordat die term intertekstualiteit in die laat-sestigs gemunt is, tot by Genette en Riffaterre lank daarna. My ordening van die verskillende literêre benaderings se sieninge van intertekstualiteit, verskil van dié van Morgan.¹⁸ Daar kan myns insiens¹⁹ vyf hoofgroepe onderskei word:

- 1 **Tradisie en individualiteit.** Hieronder val Eliot (1965) se beskouing van invloed en inspirasie, Bloom (1973) se teorie in The Anxiety of Influence, verskillende sieninge van die literêre sisteem (byvoorbeeld dié van die Praagse skool, sien Du Plooy, 1986:122-129) en van die transkripsie van oortekste (vergelyk Grové (1974) se blokboek Die dokument agter die gedig.)
- 2 **Patroonmatige intertekstualiteit.** Die verhouding tussen tekste word op grond van patrone en argetipes beskryf, soos in verskillende genreteorieë. Jolles (1930) se Einfache Formen, Elsabee (1982) se The Rituals of Life, Propp (1968) se Morphology of the Folktale en Frye (1957) se Anatomy of Criticism val hieronder.

- 3 **Subjektiewe teksproduksie.** Die rol van die skrywer en/of leser as subjektiewe deel van die totstandkoming van die teks kom aan die orde, byvoorbeeld in die teorieë van Kristeva (1980) en Barthes (1974), en in die intertekstuele leesstrategieë van Genette (1982) en Riffaterre (1978, 1981).
- 4 **Ideologiese "intertekstualiteit".** Afgesien van talige tekste, betrek sommige teoretici ook sogenaamde ideologiese subtekste en makrotekste, byvoorbeeld Jameson (1974, 1981), Eagleton (1976), Van Wyk *et al.* (1988) en Weideman (1988).
- 5 **Diskursiewe intertekstualiteit.** Hieronder word die poststrukuralistiese beskouinge van interteks geplaas, onder andere dié van Bakhtin (1973; sien Todorov, 1984), Barthes (1974) en Derrida (1978).

Van hierdie vyf kategorieë kom patroonmatige (uitgesonderd Frye) en ideologiese intertekstualiteit nie in Morgan se bespreking voor nie. Jolles word nie deur Morgan genoem nie. Kan hy desnieteenstaande wel lig werp op 'n teks wat dan by uitstek *intertekstuele leesstrategieë* sou benodig?

Jolles pas juis in die twee kategorieë wat nie deur Morgan onderskei word nie. Hy wys patroonmatige ooreenkomste tussen tekste uit soos enige ander genre-indeling, dit is "patroonmatige intertekstualiteit". Jolles werk ook die moontlike ooreenkomste tussen die teks en die werklikheid (die geestesaktiwiteite in die gemeenskap) uit, dit is 'n vorm van "ideologiese intertekstualiteit". Die leemte wat uit Morgan se aanduiding van die benaderings tot intertekstualiteit blyk, sal dalk juis deur Jolles gevul kan word. Een van die kernuitgangspunte in Gouws (1988:22) is

dat dit wat in die teks as 'n leesprobleem ervaar word, óók die antwoord op die probleem is.

Een van die probleme wat lesers met eietydse tekste soos Lady Anne ervaar, is dat dit postmodernisties kompleks en terselfdertyd polities gelaaid is. Die antwoord op hierdie probleem sou dan wees om 'n leesstrategie te gebruik wat die pluraliteit van die teks help orden ('n benadering van "patroonmatige intertekstualiteit") en ook die politieke gelaaidheid kan verreken ('n benadering van "ideologiese intertekstualiteit"). Jolles se teorie kan in beide kategorieë

geplaas word - dit sou myns insiens dus nie vergesog wees om te beweer dat die *einfache Formen* uit 1930 'n antwoord kan bied op eietydse leesprobleme nie.

Jolles se teorie kan die ander benaderings tot intertekstualiteit hoogstens aanvul. Dit word nie gebruik asof dit 'n *sine qua non* vir literêre analise sou wees nie, maar omdat dit heroorweging verdien. Jolles se teorie kan myns insiens 'n aansienlike bydrae maak tot die oneindige aantal pogings om bruikbare skakels tussen teks en konteks te vind, en om taaltegniese, teksimmanente kriteria te versoen met die psigies-kollektiewe en polities-ideologiese ladings wat literêre tekste noodwendig meer of minder opsigtelik dra.

2.3.4.4 Jolles as genreteorie

Hoewel nie Jolles of sy kritici sy eenvoudige vorme *genres* noem nie, is dit tog *soorte tekste* wat onderskei kan word van mekaar. Van Gorp (1986:111) noem dit "oervormen van literatuur". Die rede waarom 'n eenvoudige vorm nie as 'n genre beskryf word nie, lê waarskynlik daarin dat dit nie slegs op grond van vormlike en tematiese kenmerke geïdentifiseer word nie, maar as "a kind of structuring principle of human thought as it takes shape in language" (Scholes, 1974:42). Soos reeds uiteengesit, is die eenvoudige vorm wat in 'n teks manifesteer onlosmaaklik verbind aan die kollektiewe bewussyn van die gemeenskap en taalgebare in gewone taalgebruik - dit is nie bloot 'n literêre kategorie nie.

Daar is reeds in hoofstuk 1 uiteengesit dat die eenvoudige vorme nie in hierdie studie as 'n klassifikasie-model van tekste gebruik word nie²⁰, maar om die komplekse teksaanbod van Lady Anne as enkele teks te orden. Daar word spore van elkeen van die nege eenvoudige vorme in Lady Anne geïdentifiseer, soos wat dit ook in ander komplekse tekste moontlik sou wees. André Brink se roman Houd-den-bek kan byvoorbeeld as *sage* geklassifiseer word, maar dit het ook elemente van die *mite* (Ma Roos se vertellings van Tsui-Goab), die *raaisel* (wie het Nicolaas geskiet?), die *memorable* (wat is waar en en op watter gronde word geloofwaardigheid bepaal? wie se perspektief op die gebeure is die betroubaarste?), die *sprokie* (die ideale wêreld sal tot stand kom as die slawe se juk eers af is), die *grap* (Nicolaas se pa as karikatuur van die patriargale familiestelsel).

Die feit dat daar soveel eenvoudige vorme-in-kunsvorm in Houd-den-bek identifiseerbaar is, staaf die uitgangspunt van hierdie studie dat die eenvoudige

forme nie net 'n stel genres, dit wil sê 'n stelsel van klassifikasie van tekste is nie, maar 'n stel forme op grond van geestesaktiwiteite wat ook almal binne 'n enkele teks (Lady Anne) kan realiseer.

Uit die genreteorie kan die volgende metafoor gebruik word: genres is nie soseer duiwehokkies as duiwe nie. Hulle is nie 'n vaste raamwerk waarbinne 'n teks pas of nie pas nie, maar eerder omskewe forme wat handig kan wees in die kommunikasie oor en interpretasie van tekste (Fowler, 1985:37). Dit geld myns insiens ook van Jolles se eenvoudige forme. Cohen (1986:204-206) sit Derrida se beskouing van genre uiteen en lewer daarop kommentaar. Laasgenoemde meen dat 'n teks nie aan 'n genre *behoort* nie, maar daaraan *deelneem*. In hierdie terme is dit myns insiens heeltemal houdbaar dat 'n teks aan meer as een, selfs aan nege genres op 'n slag kan *deelneem* - soos 'n duif wat by verskillende hokkies invlieg en van elkeen iets saamdra.

Fowler (1985:151-152) verwys wel skrams na Jolles in sy klassieke werk oor genres, Kinds of Literature. Hy lewer egter myns insiens te min en ook ongegronde kommentaar op Einfache Formen. Hy maak dieselfde fout as Beekman (1982) deur die *eenvoudige* forme met *enkelvoudige* forme te verwar. Sy kritiek dat Jolles se teorie dan inkonsekwent is omdat sommige van sy *einfache Formen* komplekse genres is, is ongeldig omdat Jolles se bedoeling nooit was dat die literêre of kunsvorm noodwendig enkelvoudig is nie (vergelyk voetnoot 2).

Nog 'n growwe fout wat Fowler maak, is om een van die sleutelbegrippe in Jolles se teorie, die *Geistesbeschäftigung*, te ignoreer en te impliseer dat die nege eenvoudige forme bloot 'n stel literêre genres is wat uit "earlier nonliterary discourse types" (Fowler, 1985:151) ontspring. Van die gedagte dat hierdie "discourse types" - Jolles se *taalgebare* - op hulle beurt hulle oorsprong in menslike geestesaktiwiteite het, maak hy glad nie melding nie.

Jolles se teorie van eenvoudige forme berus wel op die patroonmatige ooreenkomste tussen tekste, maar kan nie sonder meer beskou word as 'n uiteensetting van genres nie. Die onderskeid tussen eenvoudige forme is nie net in vormlike eienskappe geleë nie, maar ook in die geestelike dryfvere waaruit dit voortkom. Daarby kan veral eietydse postmodernistiese tekste aan meer as een, selfs aan al nege forme op 'n slag "deelneem".

2.3.5 Poststrukturealistiese bevryding tot grenslose (teoretiese) interteks

Die poststrukturealisme is 'n unieke paradigma, in die opsig dat dit opsetlik en berekend juis nie absolute uitgangspunte stel nie²¹, maar "intertekstualiteit" bepleit. Daar word eksplisiet gesê dat alle tekste en per implikasie dan ook alle literêr-teoretiese tekste in voortdurende relaterende gesprek met mekaar is. 'n Teks is "no longer a finished corpus of writing, some content enclosed in a book or its margins, but a differential network, a fabric of traces referring endlessly to something other than itself, to other differential traces" (Derrida, 1979:83).

Volgens Morgan (1989:1-2) het daar 'n verskuiwing plaasgevind in verskillende sieninge van intertekstualiteit. Dit het verskuif van die outeur/werk/tradisie-raam af na 'n teks/diskoers/kultuur-raam. Die mees opvallende gevolg van die oorgang is die bevryding van die teks "from psychological, sociological, and historical determinisms, opening it up to an apparently infinite play of relationships with other texts" (Morgan, 1989:1). As gevolg van hierdie bevryding is dit nie verdag om 'n sesdigjarige literêre teorie op te rakel nie, dis deel van die pluraliteit van ander tekste in "(t)his 'I' which approaches the text" (Barthes, 1974:10). Volgens Degenaar (1990:92) "laat 'n teks . . . 'n pluraliteit van invalshoeke toe", omdat dit "a galaxy of signifiers" is, en nie "a structure of signifieds" nie (Barthes, 1974:5).

Die verbasende visie van Jolles se teorie van eenvoudige vorme, is dat dit eerder in die kontemporêre teks/diskoers/kultuur-raam pas as in die outeur/werk/tradisie-raam van sy eie tyd. Breedweg kan sy term *kunsvorm* met "teks", *taalgebaar* en *eenvoudige vorm* met "diskoers" en *geestesaktiwiteit* met "kultuur" vervang word. In die lig hiervan is die gebruik van Jolles se teorie in die poststrukturealistiese raamwerk nie 'n geïsoleerde terugryp na 'n ou teorie nie, maar 'n myns insiens geregverdigde herplasing van 'n "profetiese" teorie. Dit beteken natuurlik nie dat die Einfache Formen met meer as sy inherente gesag en waarde bekleed kan word nie, maar wel dat hy verdien om deel van die eietydse literêr-teoretiese gesprek gemaak te word. Dit is een van die oogmerke van hierdie studie.

2.3.6 Samevatting

Die literêr-teoretiese kontekste waarin Jolles se teorie van eenvoudige vorme hierbo geplaas is, kan soos volg opgesom word:

In Kuhn se teorie van paradigkawisseling in die wetenskap, kan Einfache Formen geplaas word in die oorgang tussen die *Geistesgeschichteliche Methode* van die negentiende eeu en die formalisme en vroeë strukturalisme van die eerste helfte van die twintigste eeu. Die feit dat Jolles se teorie uit 'n fase kom waarin ook nog nie "finale" konsensus-antwoorde op literêr-teoretiese vrae soos die verhouding teks-konteks verkry is nie, maak die teorie meer gebalanseerd en ook aktueel in die lig van die eietydse paradigmaskommeling.

Die belangrike vraag na die verhouding tussen teks en konteks word deur verskillende literatuurteorieë verskillend beantwoord, in so 'n mate dat dit lyk asof almal 'n vermiste skakel najaag wat bly ontwyk. Jolles se antwoord op die vraag is die *eenvoudige vorm*, omdat dit in sowel die teks as die konteks/lewe/gemeenskap geïdentifiseer kan word. Die nut en waarde van dié skakel sal eers uit die analise van Lady Anne kan blyk.

Die teorie van eenvoudige vorme het op verskillende vlakke raakpunte met ander literatuurteorieë. Daar is spesifiek op die teorie se hantering van intertekstualiteit gewys, omdat dit relevant blyk in die analise van 'n postmodernistiese teks soos Lady Anne. Die teorie is ook kortliks as genreteorie bespreek. Soos enige ander teorie, bied Jolles se teorie van eenvoudige vorme nie 'n finale antwoord of leesstrategie nie. Tog is dit belangrik om die teorie by die literêr-teoretiese gesprek van die dag te betrek, omdat dit wel waardevolle insigte bied op die verhouding tussen teks en werklikheid.

Jolles se teorie verdien myns insiens inderdaad bevryding tot deelname aan die groot teoretiese web. Die waarde wat die **eenvoudige vorme** in die Afrikaanse konteks, en spesifiek ten opsigte van die veelbesproke digbundel Lady Anne kan hê, word in die volgende afdelings ondersoek.

2.4 JOLLES IN DIE AFRIKAANSE KONTEKS

2.4.1 Inleiding

Daar word op twee aspekte gefokus om die moontlike waarde van Jolles se Einfache Formen in die eietydse Afrikaanse konteks aan te dui. Die postmodernistiese neiging in die Afrikaanse literatuur en die insigte wat Jolles se teorie as leesstrategie daarvoor kan hê, word bespreek. Daarna word die botsing

tussen politiek en esteties in die Afrikaanse literêre sisteem ondersoek, en daar word gekyk watter lig Jolles dalk ook daarop kan werp.

2.4.2 Postmodernisme

2.4.2.1 Inleiding

Dit lyk asof die Afrikaanse literatuur nou na afloop van die brœ postmodernistiese beweging²² eers werklik die insigte en tegnieke van dié rigting toets. Vervolgens word 'n oorsigtelike beskrywing van postmodernistiese trekke in die literatuur gegee, waarna voorbeelde van postmodernistiese tekste in Afrikaans geïdentifiseer word. Daarna word ondersoek tot watter mate (indien wel) Jolles as 'n gepaste sleutel tot die lees van sodanige tekste, en veral van Lady Anne, gebruik kan word.

2.4.2.2 Postmodernisme in die literatuur

Wat Lyotard (1987) "la condition postmoderne" noem, beskou Gitlin (1990:12) as "(t)he major cultural phenomenon of our time". Muller (1989:8-24) gee 'n interessante oorsig van verskillende definisies en tiperings van die postmodernisme. Die gevolgtrekking waartoe sy aan die einde van haar studie kom, is "dat die 'vaste struktuur' van tradisionele fiksie in postmodernistiese fiksie vervang word deur 'topologiese beweeglikheid'"²³ (Muller, 1989:i). Van Gorp (1986:322) beskryf die postmodernisme as 'n tydsgees van ontologiese en epistemologiese twyfel, van wantroue in sisteme soos religie, politiek, wetenskap, kuns. Teen die beginsel van eenduidige betekenis waarop hierdie sisteme berus, voer die tweede helfte van die twintigste eeu anargisme aan. Hierdie anargisme manifesteer in 'n pluraliteit van gesigspunte, en in 'n verbandlose naasmekaarstelling van fragmente.

'n Beknopte weergawe van die tydsgees en kenmerke van die postmodernisme word aan die hand van Gitlin (1990:14-16) gegee, aangesien hy dit teen die agtergrond van die premodernistiese en modernistiese tydperke skets.²⁴

In die premodernisme (naturalisme? - Gitlin noem Balzac se romans as voorbeeld; in Afrikaans kan na die werk van D.F. Malherbe en C.M. van den Heever verwys word) word 'n eenheidsvisie nagestreef. Kontinuïteit, opeenvolging en kousaliteit in

tyd en ruimte word gerespekteer. Individualiteit word beklemtoon en uitbeeldings is realisties. In premodernistiese werke word "an order of beauty" (Gitlin, 1990:15) nagestreef, wat verwyder van en verhewe bo die populêre kultuur is.

Modernistiese werke (T.S. Eliot se The Waste Land; Etienne Leroux in Afrikaans) streef ook na eenheid, maar dié eenheid word saamgestel uit fragmente of uit die jukstaponering van verskille. Kontinuiteit word onderbreek, daar word gesprong tussen 'n menigvuldigheid van stemme, perspektiewe en gegewens. Die struktuur van konvensionele realisme en die gevestigde orde word bevraagteken. Modernistiese werke "compose beauty out of discord" (Gitlin, 1990:15); om die kontras tussen die lewe en kuns aan te dui, word alleen maar *aangehaal* uit die populêre kultuur.

In die postmodernisme word die soeke na eenheid klaarblyklik heeltemal afgelas:

Instead, we have textuality, a cultivation of surfaces endlessly referring to, ricocheting from, reverberating onto other surfaces. The work calls attention to its arbitrariness, constructedness; it interrupts itself. Instead of a single center, there is pastiche, cultural recombination. Anything can be juxtaposed to anything else (Gitlin, 1990:15).

Die moderniste se apokaliptiese passie vir 'n nuwe wêreld word vervang deur "the glazed stare of the total ironist" - die subjek word weinig meer as 'n kruispunt van diskoerse, sy uitkyk is self-ironiserend: "we are all deliberately playing, pretending here - get the point?" (Gitlin, 1990:16) - dis die boodskap van die postmodernistiese teks.

Gitlin (1990:16) omskryf die verskille tussen modernisme en postmodernisme soos volg:

(M)odernism tore up unity and postmodernism has been enjoying the shreds . . . Modernism's multiplication of perspectives led to postmodernism's utter dispersion of voices; modernist collage made possible postmodernist genre-splicing. The point is not only juxtaposition but its attitude. Postmodern juxtaposition is distinct: there is a deliberate self-consciousness, a skating on the edge dividing irony from dismay or endorsement.

Terwyl premodernisme verwyderd is van die populêre kultuur en modernisme alleen maar daaruit aanhaal, gebeur die volgende in postmodernisme:

"High culture" doesn't so much quote from popular culture as blur into it (Gitlin, 1990:16).

Van Gorp (1986:323) noem die volgende kenmerke van die manifestering van postmodernisme in die literatuur: fragmentarisme, spel, selfrefleksiwiteit, metafiksie, antimetrisme, sitatekuns, dekonstruksie, ironie en pastiche. Daarby kan Muller (1989) se tipering van postmodernistiese fiksie as "topologies vervormend" gevoeg word - sy fokus veral op die feit dat "mimesis" en "selfgenoegsame betekenisvorming" verwerp word.

2.4.2.3 Postmodernisme in die Afrikaanse literatuur

In die laat-twintigste-eeuse Afrikaanse teks is daar duidelike tekens van minstens sommige van hierdie tegnieke. Lady Anne bied as digbundel by uitstek voorbeelde van sitate, fragmente, metafiksie, selfrefleksiwiteit, pastiche, genremeng en ironie. In die onlangse Afrikaanse prosa, byvoorbeeld in die romans Suidpuntjazz (André Letoit, 1989) en Die jakkalsjagter (Alexander Strachan, 1990), en die kortverhaalbundel Nag van die clown (Abraham H. de Vries, 1989), staan postmodernistiese trekke soos die deurbreking van grense van fiksionaliteit, selfrefleksiwiteit, sitate en fragmentariese struktuur voorop.²⁵ Muller (1989) gebruik ook sewe & sewentig stories oor 'n clown (Fransi Phillips, 1985), Louoond (Jeanne Goosen, 1987) en Toorberg (Etienne van Heerden, 1986) as illustrasiemateriaal van postmodernistiese fiksie.

Benewens die dikwels vervreemdende tegnieke van postmodernisme, is die tradisie van "altyd moeiliker poësie" (Louw, 1975:58-76) steeds 'n faktor om mee rekening te hou in die eietydse Afrikaanse poësie (vergelyk byvoorbeeld die verse van Stockenström en Cussons). Die gekombineerde effek van postmodernistiese tegnieke en 'n hoë (taaltegniese) moeilikheidsgraad is tekste so gekompliseerd soos Lady Anne en Suidpuntjazz, wat terselfdertyd 'n ooglopende terugkeer na die (gewone) leser wil maak. Van Heerden (1981:6) identifiseer aan die begin van die tagtigerjare twee neigings in die Afrikaanse literatuur: 'n "Terug-na-die-Volk"-groep en 'n "eksperimentele groep". Die twee bogenoemde tekste lyk na pogings om deur postmodernistiese pluraliteit die eksperimentele met die lesergerigte te versoen.

2.4.2.4 Jolles, postmodernisme en Lady Anne

Watter waarde kan Jolles hê in die lees van 'n lesergerigte postmodernistiese teks? Jolles se teoretiese waarde vir so 'n teks is myns insiens tweeledig. Die eenvoudige vorme kan 'n sistematiserende funksie vervul ten opsigte van die postmodernistiese pluraliteit, terwyl die inhoud van die teks die volle geleentheid kry om 'n appèl op die leser te maak. Lesergerigte elemente in Lady Anne is byvoorbeeld temas soos die eietydse politiek, feminisme, erotiek, die huisgesin en religie, en tipografiese interessantheide soos die knipsels, sketse en die ovulasiekaart. Lady Anne is 'n bundel met sterk bande met die gemeenskap waaruit dit voortgekóm het - 'n feit wat noodwendig 'n eietydse leser sal boei - ten spyte van die postmodernistiese literêre eksperimente daarin (wat natuurlik óók boeiend kan wees). Kan hierdie dubbele gerigtheid van die bundel in 'n lesing verreken word?

Gitlin (1990:13) het geen twyfel oor die verband tussen postmodernisme en die historiese werklikheid nie:

The esthetics of postmodernism are situated, historical. The question is, What is postmodernism's relation to this historical moment, to its political possibilities and torments?

Jolles se eenvoudige vorme bied 'n manier om by die antwoord vir 'n spesifieke teks uit te kom: Wat is die verband tussen 'n individuele postmodernisties gekonstrueerde teks en die historiese en politieke werklikheid daaragter? Die vraag is soveel meer relevant vir 'n teks soos Lady Anne met 'n doelbewuste en uitgesproke historiese en politieke gerigtheid.²⁶ Jolles se teorie is in hierdie opsig bruikbaar, omdat dit juis nie spesifiek met die oog op postmodernisme geformuleer is nie: dit kan dus ook nie-postmodernistiese trekke in die teks verreken, byvoorbeeld waar Lady Anne afwyk van die postmodernistiese argetipe van "passionlessness", "collapse of feeling, . . . blankness" (Gitlin, 1990:13, 16).

Verder kan Jolles se eenvoudige vorme gebruik word as sleutels tot konteks-spesifieke vrae. Waar hy byvoorbeeld die *legende* universeel as "ideale navolgbare voorbeeld" beskryf, kan in 'n spesifieke teks bepaal word watter voorbeelde as ideaal gestel of ontmasker word *in die spesifieke konteks wat in die teks geteken word of waaruit die teks voortkom*. Die leser kan hom dus met die eenvoudige vorme as vertrekpunt in 'n groot mate deur die teks laat lei na die (teksinterne en tekseksterne) konteks. Die konteks-spesifieke vrae wat ten

opsigte van Lady Anne aan die orde kom, word in 2.4.3.2 verder uiteengesit. Die postmodernistiese aard van die teks is nie 'n belemmering op hierdie metode nie, die fragmentariese struktuur daarvan word juis in nuwe *Gestalten* hergroepeer en belig.

2.4.3 Estetiek versus politiek in die Afrikaanse literêre sisteem

2.4.3.1 Konflik en verwydering

Die Afrikaanse literêre sisteem is in 'n dilemma tussen 'n tradisie van elitisme/esoterie en 'n breë neiging tot "demokratisering" van die literatuur. Die dilemma manifesteer sowel in die eietydse Afrikaanse poësie as in die literêr-teoretiese gesprek. Oliphant (1990:41) beskou die titel terme in sy artikel "*Estetiek en politiek*" as "konseptuele fronte van 'n soort kulturele slagveld". Van Vuuren (1989:45) meen die "tweespalt tussen die digterlike drang na die *estetiese* en die eis van *politieke* bewussyn en betrokkenheid-in-die-skrywe" in Lady Anne is "tiperend van die dilemma van vandag se Suid-Afrikaanse digter/skrywer/kunstenaar".

Die dilemma vloei myns insiens onder andere voort uit die verwydering wat tussen die Afrikaanse literatuur en sy lesers ontstaan het. Dat die verwydering 'n werklikheid is, blyk uit die Skrywersberaadonderwerp van 1981, naamlik "Vervreemding tussen die skrywer en die leser". Verskeie insiggewende referate van hierdie Beraad is opgeneem in Malan en Smit (1985), onder andere dié van Etienne Leroux, J.J. Degenaar en Richard Rive. Een van die sessies was getiteld "Is die Tagtigers vervreemd?" Etienne Van Heerden (1981) het 'n referaat gelewer wat saam met nie minder nie as elf artikels oor dieselfde onderwerp in *Graffier* 1(4) van 1981 gepubliseer is.²⁷ Minstens dít blyk uit die uiteenlopende en interessante menings: dat vervreemding in die Afrikaanse literatuur geneg van 'n werklikheid is om 'n lang en heftige gesprek aan die gang te sit.

Die vervreemding kan toegeskryf word aan die natuurlike neiging tot verdigting (vergelyk Louw, 1975:58-76) en aan die verlamme uitwerking van sensuur op die literatuur (vergelyk Van Rensburg, 1990), maar moet ook minstens ten dele voor die deur van die akademië en kritici gelê word.

Krog (1991:15) skryf die verwydering tussen die Afrikaanse literatuur en leser deels toe aan die ingewikkelde analyses waarmee akademici en kritici "die poësie effektief . . . verskans en gemanipuleer" het. Peeters (1989:137) beskryf dié verakademisering soos volg:

In hulle poging om aan hul omgaan met die digkuns 'n wetenskaplike karakter te gee, het die poësiekenners meer en meer hul toevlug geneem tot wat ons kan noem 'n "tegnokrasie" van die teks. . . . Om te skryf, sou dan 'n suiwer kombinatoriese bedrywigheid wees, bloot 'n spel met betekenisdraers.²⁸

Elize Botha (1990:22-23) verduidelik die goeie bedoelings agter die "verakademisering" van literêre tekste - om dit teen onbegrypende kritiek en sensurering te beskerm - maar vra haar tog af:

Het dit nie die spontane genieting van 'n Leroux-roman vir baie lesers onmoontlik gemaak nie? Het ons méér lesers vir Leroux gewen, ons literatore, of het ons tog baie van sy potensiële lesers vervreem, ten spyte van ons goeie bedoelings?

Sy meen inderdaad dat polemieke en twiste (onder andere oor sensuur en literêre toekennings) "die verhouding tussen die skrywer en die gemeenskap, die boek en sy lesers op ongelukkige wyse in die gedrang (laat) kom het".

Ook Krog (1991:15) skryf oor die vervreemding tussen skrywers en lesers in Afrikaans en pleit om ysbrekers om die literatuur van "roes en steriliteit" te red. Sy maak haar eie bydrae hiertoe kenmerkend aggressief in Lady Anne met behulp van 'n verkiesingsplakkaat, 'n ovulasiekaart, kantaantekeninge by gedigte, eksplisiete politiek en erotiek en gesketste metafore; alles gemeng met postmodernistiese kompleksiteit en oënskynlike verwarring. Die kwessie bly dus relevant en aktueel.

Die vraag ontstaan nou hoe literatore die gaping wat sensuur en verakademisering tussen Afrikaanse literêre tekste en lesers veroorsaak het, kan help oorbrug sonder om hulle teoretiese relevansie te verloor of die winste van baie dekades se literatuurwetenskap van die tafel te vee. Krog (1991:15) bepleit 'n soeke na "(d)it wat die digter gewoon probeer sê in 'n bundel", en aandag aan "dit wat tot die leser spreek, aan die kern van 'n werk, aan die uitpluis van die gedagtes". Sy bepleit 'n terugkeer by literatore na 'n "ordentlike hantering van die obvious dinge wat jy probeer sê".

Daar is by sowel skrywers as lesers van Afrikaanse literatuur 'n behoefte aan, noem dit maar versoening met mekaar. Claassens (1981) stel dit onomwonde:

(D)it het tyd geword dat die "heilige" wit koei van die letterkunde, en veral die poësie, geslag word. Ons moet weer karmenaadjie kan uitdeel - iets vir almal wat honger is en by die vuurherd wil kom aansit.

'n Leser skryf in 1981 aan die Skrywersgilde: "Ons is 'n vrywillige en gretige en afwagende leserspubliek. Maar wat kry ons van die skrywers? Onverstaanbare werke." (Joubert, 1985:137.) Snyders (1981:5) gee 'n gerusstellende antwoord van skrywerskant af: "Ek poog om vir die gemeenskap, vanuit die gemeenskap en in die stem van die gemeenskap te praat"; maar waarsku ook soos Leroux (1985:152) teen kuns onderdanig aan die gemeenskap. Martins (1981:31) som die konflik só op:

(W)e should bring about the necessary conditions for all cultural products to *reach the people*. This is not to say that the artist has to sacrifice the *artistic worth* of his creations (my kursivering).

By die stigting van 'n kulturele groep *Konka* (Van der Vyver, 1990:104-105), is die dilemma *estetiek* versus demokratisering en *politiek* weer eens aan die orde. Om een of ander rede moet 'n prioriteit gevind word. Die vrees word uitgespreek "(d)at kuns steeds ondergeskik sal wees aan 'n bepaalde politieke ideologie". Ampie Coetzee verskil: "Die wit kunstenaar moet hom of haar met die nasionale demokratiese stryd vereenselwig - en dan sal sy/haar kuns volg." Van Tonder (1991:3) vertel hoe die Skrywersberaad op Broederstroom "grootmoedig die *peoples literature*, al sou dit hoe swak wees, gepubliseer wou hê solank die ideologiese boodskap reg was", net om later "deur niemand anders as die groot gees Albie Sachs op ons dwaling gewys" te word nie. 'n Groot polemieë is ontlok deur Sachs (1990) se referaat "Preparing ourselves for freedom" waarin hy dit onomwonde stel dat kuns nie (meer) 'n instrument van die *struggle* behoort te wees nie. Hierdie reaksie is inderdaad 'n bewys van die sensitiwiteit en verdeeldheid wat oor die kwessie bestaan. Krog (1990a:111) lewer "as leser" haar eie kommentaar op Sachs:

(O)ns vra juis nie nêr politiek nie, ook nie net liefde nie, ons vra 'n erkenning van die feit dat politiek ons ganse lewensruimte ingesypel het. Nie 'n misbruik deur liefde of politiek nie, maar 'n letterkunde sonder benepe, neurotiese oogklappe.

Oor die spanning tussen esteties en politiek in die (Suid-) Afrikaanse literêre sisteem, is daar nog vele meer uitsprake en menings.²⁹

2.4.3.2 Jolles, esteties versus politiek, en Lady Anne

Watter rol kan Jolles speel in hierdie plaaslike dilemmas - die verwydering tussen die Afrikaanse literatuur en sy lesers, die verakademisering van die literatuur, die spanning tussen esteties en politiek? Jolles kan myns insiens 'n waardevolle sleutel bied tot Lady Anne, juis om verby die tegniese digte struktuur van die bundel by die "obvious dinge" wat die digter probeer sê (Krog, 1991:15) uit te kom.

Dit is weer die dubbelkantigheid van Jolles se teorie wat myns insiens versoening kan bewerk. Die strukturalistiese kant wat taalgebare formuleer, eenvoudige vorme definieer en toepaslike voorwerpe aandui, sal moontlik as rigtingwyser kan dien om helderheid in die duisterheid van die **teks** te probeer aandui, in die spoor van die esoteriese literêre tradisie. Die rigting waarheen die wysers dui, is egter ongetwyfeld die **gemeenskap**: agter die eenvoudige vorme wat geïdentifiseer word, word geestesaktiwiteite gesoek wat leef in die gemeenskap waaruit die taalvorm en uiteindelik ook die kunsvorm voortkom. Op hierdie manier kan esteties (teks, poësie) én politiek (konteks, gemeenskap) 'n regmatige plek kry, terwyl volle erkenning gegee word aan die onlosmaaklike verband en wisselwerking tussen die twee.

Die vrae wat in hierdie studie aan die orde kom, het nie (primêr) iets te doen met versbou of poëtiese taalgebruik, of selfs met die interessante struktuur van die bundel nie. Die hoofvraag is na die *eenvoudige vorme* en *geestesaktiwiteite* wat agter 'n bundel soos Lady Anne lê. In die mate waarin 'n skrywer se individuele segging 'n uiting van 'n gemeenskapskollektief kan wees, word gepoog om die kollektiewe geestesaktiwiteite in die (Suid-)Afrikaanse samelewing teen die einde van die twintigste eeu te peil. Krog (1991:15) sê hieroor die volgende:

Digters is nie profete nie. Maar deur abnormale noukeurige waarneming en 'n greep op taal en oor, dryf hulle dikwels visioene voor hulle uit; kan lesers en hoorders hulle eie gewaarwordinge en situasies sinvoller begryp en ervaar.

Dis daardie waarnemings en visioene wat in hierdie studie onder die soeklig kom, om die gewaarwordinge en situasie van die gemeenskap daaragter te probeer

peil. Dis onvermydelik dat die estetiese *hoe* waardeur die bundel tot stand gekom het, waardeur die geestesaktiwiteite tot kuns omvorm is, gelyktydig aan die orde sal kom.

Gouws (1989:43) verklaar Krog se gewildheid as digter juis aan "haar vermoë om dit wat soveel mense beleef, onder woorde te bring". Daarom, meen Gouws, kan sy as "'n eietydse volksdigter" beskou word - "Is daar nog 'n digter in Afrikaans wat só histories beslag kan gee aan die huiwering van die héérsende oomblik?" Uit Krog as digter se individuele ervarings en menings móét dan iets van die kollektief afleibaar wees:

. . . die groot digter beleef ook die individuasie van die nasie, en as seismograaf van die volk se bewussyn registreer hy dan ook die kollektiewe seine uit die oergewete van sy volksgenote (Gouws, 1991:4).

Om die "kollektiewe seine" raak te hoor en terselfdertyd aan die uniekhede van die individuele kunswerk reg te laat geskied, word daar vir elke eenvoudige vorm 'n konteks-spesifieke vraag geformuleer. Met hierdie vraag as riglyn, word *kunsvorme* in Lady Anne geïdentifiseer wat korreleer met die geestesaktiwiteit onderliggend aan die abstrakte eenvoudige vorm. Op grond van hierdie kunsvorme word dan gepoog om deur te dring tot die geestesaktiwiteite in die dieptestruktuur van die individuele teks.

Die teksinterne antwoorde op die vrae (met ander woorde die artistieke realiserings van die eenvoudige vorme in Lady Anne) kan wel herlei word na hulle tekseksterne moontlikhede (die mate waarin die digter as seismograaf juis sou wees), maar daar word in hierdie studie primêr gekyk na die antwoorde wat hierdie spesifieke teks as *kunsvorm*, uniek en individueel, verskaf. Die bevestiging van die tekseksterne drakrag daarvan sou 'n aparte sosio-psigologiese studie moes wees. Moontlike vrae wat in 'n soektog na Jolles se **einfache Formen** in Lady Anne aan die orde moet kom, is die volgende:

* *Watter ideale word as voorbeelde gestel in die soeke na 'n gepaste legende om in Suid-Afrika na te volg?*

* *Watter bloedverwantskappe en stamverbande kom aan die orde as die verblyf van 'n Europeër in Afrika as **sage** beskryf word?*

- * *Hoe word vrae oor die wese van dinge wat die mens se lewe beheers tans in Suid-Afrika beantwoord? Watter **mites** word aangehang of getoets?*
- * *Watter lewensbelangrike **raaisels** en raaisels ter inisiasie word tans in Suid-Afrika gevra?*
- * *Met watter **spreuke** word ervarings en sieninge in die eietydse Suid-Afrika bondig saamgevat?*
- * *Watter individuele gevalle of **kasusse** word teen mekaar opgeweeg as norme om die gedrag van die Europeër-in-Afrika aan te toets?*
- * *Watter historiese gebeurtenisse of **memorable** word herroep en getoets as geldig en geloofwaardig in die soeke na waarheid in die land waar "gerugte . . . soos rotte uit fondasies" kruip (Krog, 1989:31)³⁰?*
- * *Watter wêreld word in die land met die leë binnekant (83) geïdealiseer soos in 'n **sprokie**, of watter anti-sprokies word vertel?*
- * *Met watter **grappe** en karikature word probleme en spanning ontlont deur spot of humor?*

Krog se kunsvorme word as deurgang gebruik tot die geaktualiseerde eenvoudige vorme in die Afrikaanse gemeenskap, wat uitvloeisels is van (die - volgens Jolles) nege abstrakte universele eenvoudige vorme. Hierdie eenvoudige vorme kan weer teruggevoer word tot basiese geestesaktiwiteite in alle gemeenskappe. Die proses wat Jolles beskryf, word dus van agter af nagespoor om van die uiteindelijke kunsvorm (Lady Anne) by die oorspronklike geestesaktiwiteite wat lewend is in die Afrikaanse gemeenskap uit te kom. Die veronderstelling is dan dat die antwoorde op minstens 'n paar van hierdie vrae deel sal wees van die ooglopende dinge wat Krog in Lady Anne wou sê.

2.4.4 Samevatting

In die voorafgaande afdeling is veral twee aspekte van die eietydse Afrikaanse literatuur uiteengesit, naamlik die postmodernistiese trekke daarin, en die konflik tussen estetiese en politieke dryfvere. Daar is verder aangetoon hoe hierdie

aspekte in Lady Anne as individuele teks voorkom. In die lig hiervan is Jolles se bruikbaarheid in 'n lesing van Lady Anne gemotiveer.

Tog is Jolles nie die enigste teorie wat waardevolle insigte op Lady Anne kan lewer nie:

Die bundel vra implisiet om gelees te word as aanduiders van optrede, as "betrokke" teks, synde "involving the subordination of aesthetic considerations to socio-political demands ..." ([60b]). Tog word terselfdertyd soveel verdigtingstegnieke gebruik dat 'n leser dikwels nie anders kan as om na formalistiese/struktureel-instrumente te gryp nie. Sodanige struktureel-instrumente kan sonder twyfel veel vrug oplewer: 'n leksikale ondersoek na die gebruik van argaïese, slang-, en ander woorde; 'n narratologiese rekonstruksie van die verhaalchronologie of *fabula*; analises van die poëtiese taalgebruik en metafore; 'n ondersoek na die transkripsietegnieke uit Anne Barnard se eie tekste; en andere. Ook 'n semiotiese soektog (vergelyk Viljoen, 1986:81-97) na die feministiese kode (met elemente soos die vrou, erotiek, bloed, mag), die persoonlike kode (van Krog self), die periodekode (byvoorbeeld postmodernisme of die Afrikaanse Tagtigers), die historiese kode rondom die draai van die agtiende eeu én die laat twintigste eeu, die aktivering van verskillende genrekode, en meer, sou veel van die bundel kon ontsluit.

Dat sulke ondersoeke waardevol kan wees, is myns insiens reeds oor en oor bewys. Wat egter tans in die Afrikaanse literatuur nodig is, is dat lesers oortuig word van die waarde en (nie noodwendig altyd politieke) relevansie van die literatuur vir die gemeenskap. Daar moet teoretiese instrumente gesoek word wat, sonder om die estetiese aard en dryfkrag van die literatuur te ontken, die Afrikaanse poësie "van roes en steriliteit . . . (sal) red", om dit "uit die prettige lagune en pedaalbootjies uit te skiet in die nasty, onvoorspelbare see wat die land op die oomblik in is" (Krog, 1991:15). Om dié terugplasing van die literatuur in die volle lewe te bewerk, kan Jolles se Einfache Formen myns insiens nuttig wees - hy is immers "een figuur die literatuur en leven niet van elkaar heeft gescheiden" (Bodar, 1983a:47).

2.5 SAMEVATTING

In die voorafgaande afdeling is 'n oorsig van Jolles se teorie van *einfache Formen* gegee, en die teorie is op verskillende vlakke in literêre-teoretiese konteks

geplaas. Die literêr-teoretiese "kontekste" waarna verwys is, is verskillende aspekte van wetenskaplike paradigkawisselinge soos deur Kuhn (1962) beskryf; verskillende uitgangspunte oor die verhouding tussen teks en konteks in die literatuur; ander literêr-teoretiese benaderinge, onder andere hulle siening van die kwessie van intertekstualiteit; en die poststrukturealistiese konteks van grenslose interteks.

Daarna is die waarde van Jolles se teorie in die Afrikaanse konteks bespreek, spesifiek ten opsigte van die postmodernistiese neiging in die Afrikaanse literatuur en die polemieke en spanning tussen estetiek en politiek in die Afrikaanse literêre sisteem. Daar is ook redes uiteengesit waarom daar gemeen word dat Jolles se teorie waarde kan hê vir 'n analise van die digbundel Lady Anne.

AANTEKENINGE

1 Bodar (1983a) gee 'n deeglike oorsig van Jolles se lewe en werk, en bespreek in 'n opvolgartikel spesifiek die teorie van eenvoudige vorme (Bodar, 1983b).

2 Die term eenvoudige vorm word hier as vertaling vir *einfache Form* gebruik, teenoor Beekman (1982) se *enkelvoudige vorm*. Bodar (1983:85) sit sy kritiek op Beekman se term soos volg uiteen: eenvoudige vorm staan teenoor die begrip *kunsvorm*, terwyl *enkelvoudige vorm* teenoor *saamgestelde vorm* staan. 'n Eenvoudige vorm kan enkelvoudig wees, soos die spreuk, óf *saamgesteld*, soos die legende. Net so kan 'n *kunsvorm* enkelvoudig (byvoorbeeld die *novelle*) of *saamgesteld* (byvoorbeeld die *roman*) wees. Die term *eenvoudige vorm* is dan 'n meer korrekte vertaling van Jolles se "*einfache Formen*" as *enkelvoudige vorm*.

3 Al die vertalings uit Jolles is my eie.

4 Jolles (1965:11-20) illustreer sy siening van die werking, die funksies en veral van die belang van **taal** breedvoerig aan die hand van verskillende beroepe in die gemeenskap. In elke gemeenskap is daar *boere*, wat die natuur bewerk en orden, *handwerkers* of *ambagsmanne*, wat die natuurprodukte herskep tot kultuurprodukte, en *priesters*, wat die betekenis van alle dinge probeer aandui. Taal dien nie net as benoemer of be-tekenaar van al die dinge wat georden, geskep en geïnterpreteer word nie, dit is op sigself die medium waarin hierdie drie aktiwiteite, ordening, skepping en interpretasie, plaasvind: taal is self 'n ordenaar, skepper en interpreteerder.

5 Jolles se term *Kasus* word behou omdat daar nie 'n presiese ekwivalent daarvoor bestaan in Afrikaans nie. Dit is iets tussen 'n gevalbeskrywing (*case history*), 'n gevallestudie (*casework*) en 'n voorbeeld- of normgeval.

6 Jolles se term *Memorable* word ook behou, aangesien die Afrikaanse woorde gedenkskrif, *memoire*, gedenkteken en gedenkwaardigheid almal verband hou met Jolles se term, maar nie een dit presies weergee nie.

7 Beekman (1983) behou Jolles se Duitse term "*Geistesbeschäftigung*" dwarsdeur sy artikel; Bodar (1983a, 1983b) vertaal dit met die term "*geestelike ocupatie*"; Scholes (1974:43) met "*mental disposition*" en Buguet (Jolles, 1972) gebruik in die Franse vertaling van Einfache Formen die term "*disposition mentale*". Du Plooy se vertaling "*geestesaktiwiteit*" word deurgaans in hierdie studie gebruik.

8 Van Gorp (1986:99) bespreek die begrippepaar *dieptestruktuur/oppervlakstruktuur* en hoe dit in die literatuurwetenskap gebruik word.

9 Du Plooy (1985:51-53; 1986:21-24) sit Jolles se uitgangspunte in meer besonderhede uiteen.

10 Bodar (1983b:82) verklaar die volgorde van die nege eenvoudige vorme soos volg:

Die (1) **legende** dien as model en word daarom eerste behandel. Die eerste drie vorme, die legende, (2) **sage** en (3) **mite** hoort tradisioneel bymekaar omdat hulle al drie verhalend is en oor heiliges, (dikwels) vorste en gode onderskeidelik handel. Die mite word derde van die drie bespreek omdat hy, soos die (4) **raaisel**, rondom vraag en antwoord draai. Die raaisel skakel weer met die (5) **spreuk**, omdat albei kort vorme is. Waar die spreuk met stelligheid van 'n waarheid getuig, ondersoek die (6) **kasus** die waarheid aan die hand van toetsvoorbeelde. Waar die kasus vergelykend werk, ondersoek die (7) **memorable** die waarheid op grond van feitelike voorbeelde. Beide hierdie vorme is dus histories gerig, en beide word wel in daaglikse taal aangetref, maar manifesteer nie as gerealiseerde eenvoudige vorme nie. In teenstelling tot die konkreetheid van die vorige twee vorme, word 'n wonderbaarlike wêreld volgens naiewe moraal geskep in die (8) **sprokie**. Die sprokie is vrolik, maar het 'n tragiese ekwivalent in die anti-sprokie. Hierdie tragiese vorm weer 'n teenstelling tot die (9) **grap** wat gegrond is op die komiese.

Bodar meen dat hierdie volgorde wel nie volgens 'n deurlopende kriterium bepaal is nie, maar dat dit tog organies groei volgens inhoudelike ooreenkomste en teenstellings.

11 Beekman (1983) gee 'n omvattende uiteensetting van verskillende teoretici se kommentaar en kritiek op Jolles se teorie.

12 Tog meen Bennington en Young (1990:1-2) dat die poststrukturealisme nie die historiesiteit van tekste ignoreer nie, maar dat dit juis 'n bewussyn hiervan probeer herinvoer. Poststrukturealisme maak volgens hulle 'n meer subtiële interpretasie van geskiedenis, hetsy literêr of buite-literêr, moontlik. Bennington en Young stel as doel van die bundel opstelle Post-structuralism and the question of history (Attridge et al., 1990) juis die ontrafeling van die komplekse verhoudinge tussen strukturealisme, poststrukturealisme en geskiedenis.

13 Vergelyk Olivier (1991:109) oor die "temas in terme waarvan die huidige 'kakofonie' (in die filosofie) meer na 'n 'dialoog' begin klink".

14 Eenvoudige vorme manifesteer sowel in die lewe as in die literatuur. Of die talige en literêre realisering van 'n eenvoudige vorm 'n gevolg is van die betrokke geestesaktiwiteit en of dit gelyktydig en sonder oorsaaklike verband ontstaan, is nie hier ter sake nie. Wat wel belangrik is, is dat dieselfde vorme, dit wil sê patrone,

Gestalten, in die menslike psige én in die literatuur voorkom.

15 Voordat Viljoen (1986) die Suid-Afrikaanse romansistiem in die jaar 1981 bespreek, gee hy 'n waardevolle bespreking van sisteemteorie in die algemeen, en ook van teorieë oor literêre sisteme.

16 Fowler se kritiek dat die eenvoudige vorme 'n "rather arbitrary selection" (1985:151) is, eggo die kritiek van Scholes (1974:48-49; sien 2.2.3) en hou wel meer water.

17 Die New Critics se kritiek op die biografiese en psigologiese metodes wat veral in die positiwistiese benaderings gebruik is, waarvolgens die lewe en genialiteit van die skrywer en ook sy bedoeling met die teks bepalend sou wees vir die interpretasie en evaluering daarvan.

18 Morgan (1985) se indeling is soos volg:

- 1 The Anxieties of Influence
- 2 Text/Culture Relations
- 3 Savage Bricolage or Savvy Deconstruction?
- 4 The Intersexual Revolution
- 5 Intertextual Readers

19 Danksy die leiding in dr. Heilna du Plooy se honneurskursus oor intertekstualiteit in die literatuurwetenskap.

20 Dit is wel moontlik, soos blyk uit Du Plooy (1985:35-36) se indeling van Etienne Leroux se tekste.

21 Tog kan 'n uitlating soos Derrida (1976:158) se "(t)here is nothing outside of the text" kwalik anders as absolutisties gelees word.

22 Volgens Van Gorp (1986:322) het die postmodernisme veral tussen 1960 en 1980 in die literatuur neerslag gevind, hoewel sodanige omgrensings van literêre strominge meestal net as vae riglyn kan dien.

23 Die term *topologie* kom uit die wiskunde en verwys na figure wat hulle geometriese eienskappe behou ten spyte van aanhoudende vormveranderinge, byvoorbeeld die Klein Vorm en die Moebiusstrook (Muller, 1989:72). In die geesteswetenskappe impliseer die term *topologie* onder andere die oorskryding van ontologiese grense, delegitimasië, die verwerping van grondliggende sisteme, die verskuiwing van die wet van zero-1-logika na zero-2-logika. Muller (1989:69-71) benoem die *topologie* op grond van hierdie eienskappe dan as "verwyser" ("referent") van postmodernisme.

24 Gitlin (1990:16-18) voer vier interessante oorwegend politiek-kulturele redes aan waarom hy meen postmodernisme juis na die sestigerjare te voorskyn getree het. Daar word egter nie hier verder daarop ingegaan nie.

25 Die iakkalsjagter het die eerste prys verower in De Kat en Antenne se Groot Romanwedstryd in 1990, "Die bruid" in Nag van die clown was die wenner van die De Kat-Potpourri kortverhaalwedstryd en Suidpuntjazz word deur Steenberg (1990:122) "'n belangrike baken in die ontwikkeling van die Afrikaanse prosa" genoem. Dié erkenning bewys dat postmodernistiese tekste aangeskryf word in die laat-tagtigerjare in Afrikaans.

26 Die digter van Lady Anne laat "die problematiek van haar eie bestaan en van hierdie land . . . saampraat" (Krog, 1989:agterblad) in die bundel. 'n Duidelike historiese en politieke bewussyn (konkreet en Suid-Afrikaans) blyk onder andere uit die knipsels voor dele I en IV van die bundel en in gedigte soos "eerste kersnaweek onder die noodtoestand" (31) en "parool" (35-38).

27 Buiten Van Heerden is daar artikels deur Louis Esterhuizen, André le Roux du Toit, Peter Snyders, Louis Krüger, Eben Meiring, Johan van Wyk, Francois de Jongh, "PFP van Wyk Louw", M.C. Botha, Pieter Claassens en 'n onderhoud deur Egmont Stippel met J.J. Degenaar.

28 Peeters (1989:137) bied interessantheidshalwe 'n korrekatief op hierdie opvatting van die digkuns. Hy karakteriseer die aktiwiteit van die digter met die Griekse term "mimethai" - "'n mediale aktiwiteit waarin die digter in 'n houding van selfbesinning die werklikheid herskep ... 'n aktiwiteit waardeur die mens as't ware spelenderwys dinge en gebeurtenisse vir homself herskep om die wese, die waarde en die sin daarvan te ondersoek".

29 Insiggewende tekste in hierdie verband is Botha (1991); Coetzee (1988); Ferreira (1991); Gouws, J. (1990); Haresnape (1981); Juhl (1986); Krog (1990a; 1991); Malan, C. (1982, 1990; 1991); Malan, L. (1990b); Martins (1981); Meihuizen (1991); Oliphant (1990); Sachs (1990); Van Heerden (1981); Watson (1982); Weideman (1988; 1991).

30 Bladsynommers tussen hakies verwys na KROG, Antjie. 1989. Lady Anne. Bramley : Taurus. 108p.